Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering • URhulumente weNtshona Koloni

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

# Provincial Gazette Extraordinary

8782

Friday, 30 June 2023

PROVINSIE WES-KAAP

# Buitengewone Provinsiale Koerant

8782

Vrydag, 30 Junie 2023

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

## CONTENTS

*(*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)*

### LOCAL AUTHORITY

Laingsburg Municipality: Property Rates By-law .................................. 2
Laingsburg Munisipaliteit: Elektrisiteitsvoorsieningsverordening .......... 7
Laingsburg Munisipaliteit: Tariefverordeninge ....................................... 31
Laingsburg Munisipaliteit: Watervoorsieningsverordeninge ................... 46



# LAINGSBURG MUNICIPALITY

# PROPERTY RATES BY-LAW

Notice is hereby given in terms of section 6 of the Municipal Property Rates Act 6 of 2004, that the following **PROPERTY RATES BY-LAW** was approved by the Laingsburg Municipal Council (Resolution Nr. 6.5.1) on 31 May 2023.

Kennis geskied hiermee in terme van die Munisipale Eiendomsbelastings Wet Nommer 6 van 2004, dat die onderstaande **VERORDENING INSAKE EIENDOMSBELASTING,** goedgekeur is deur die Raad van Laingsburg Munisipaliteit (Raadsbeluit Nr. 6.5.1) op 31 Mei 2023.

# CONTENTS


1. PREAMBLE ........ 3
2. DEFINITIONS ........ 3
3. OBJECTIVE ........ 4
4. THE RATES POLICY ........ 4
5. CATEGORIES OF RATEABLE PROPERTIES ........ 4
6. CATEGORIES OF PROPERTIES AND CATEGORIES OF OWNERS OF PROPERTIES ........ 5
7. ENFORCEMENT OF THE RATES POLICY ........ 5
8. REPEAL ........ 5
9. SHORT TITLE AND COMMENCEMENT ........ 5

## 1. PREAMBLE

**WHEREAS** section 229(1) of the Constitution requires a municipality to impose rates on property and surcharges on fees for the services provided by or on behalf of the municipality;

**AND WHEREAS** section 13 of the Municipal Systems Act read with section 162 of the Constitution requires a municipality to promulgate municipal by-laws by publishing them in the gazette of the relevant province;

**AND WHEREAS** section 6 of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 requires a municipality to adopt by-laws to give effect to the implementation of its property rates policy; the by-laws may differentiate between the different categories of properties and different categories of owners of properties liable for the payment of rates;

**NOW THEREFORE IT IS ENACTED** by the Council of Laingsburg Municipality, as follows:

## 2. DEFINITIONS

In this By-law, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004), shall bear the same meaning unless the context indicates otherwise-

**'Credit Control and Debt Collection Policy'** means the Municipality's Customer Care, Credit Control and Debt Collection Policy as stipulated by sections 96(b) and 97 of the Systems Act.

**'Municipality'** means Laingsburg Municipality;

**'Municipal Property Rates Act'** means the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No 6 of 2004);

**'Rates Policy'** means the Laingsburg Municipality's property rates policy adopted by the Council in terms of section 3(1) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004.

## 3. OBJECTIVE

The object of this By-law is to give effect to the implementation of the municipality's Rates Policy as contemplated in section 6 of the Municipal Property Rates Act.

## 4. THE RATES POLICY

4.1 The municipality prepared and adopted a Rates Policy as contemplated in terms of the provisions of section 3(1) of the Municipal Property Rates Act. The Rates Policy outlines the municipality's rating practices; therefore, it is not necessary for this By-law to restate and repeat same.

4.2 The Rates Policy is hereby incorporated by reference in this By-law. All amendments to the Rates Policy as the Council may approve from time to time, shall be deemed to be likewise incorporated.

4.3 The Municipality does not levy rates other than in terms of its Rates Policy and the annually promulgated resolution levying rates which reflects the cent amount in the Rand rate for each category of rateable property.

4.4 The Rates Policy is available at:

- The municipality's head office
- The municipal website
- The municipal library

## 5. CATEGORIES OF RATEABLE PROPERTIES

The Rates Policy provides for categories of rateable properties determined in terms of section 8 of the Act.

## 6. CATEGORIES OF PROPERTIES AND CATEGORIES OF OWNERS OF PROPERTIES

The Rates Policy provides for categories of properties and categories of owners of properties for the purposes of granting relief measures (exemptions, reductions, and rebates) in terms of section 15 of the Act.

## 7. ENFORCEMENT OF THE RATES POLICY

The Municipality's Rates Policy is enforced through the municipality's Customer Care, Credit Control and Debt Collection Policy and any further enforcement mechanisms stipulated in the Act and the Municipality's Rates Policy.

## 8. REPEAL

The provisions of any by-laws relating to Property Rates by the Municipality are hereby repealed insofar as they relate to matters provided for in this By-Law.

## 9. APPROVAL

Council Resolution Nr. 6.5.1 and approved by council on 31 May 2023.

## 10. SHORT TITLE AND COMMENCEMENT

This By-law is called the Laingsburg Municipal Property Rates By-law and takes effect on the date on which it is published in the *Provincial Gazette*.

# LAINGSBURG MUNISIPALITEIT ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSVERORDENING

*Woordomskrywing*

1. In hierdie verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, het ŉ uitdrukking waaraan ŉ betekenis in die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987), die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) en die Plaaslike Regering: Wet op Eiendomsbelasting (2001) geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg en beteken:

"aankoopbewys", die dokument deur die raad uitgereik as bewys dat, onderhewig aan die bepalings van hierdie verordening, ŉ bepaalde aantal eenhede teen ŉ bepaalde tarief vir ŉ bepaalde begrotingsmeter aangekoop is;

"beheerpunt", die punt waar die installasie op of in ŉ perseel deur ŉ verbruiker aan- of afgeskakel kan word;

"begrotingsmeter", ŉ instrument deur die raad geïnstalleer by die toevoerpunt of enige ander punt op die raad se verspreidingstelsel of die installasie van ŉ verbruiker deur middel waarvan die toevoer deur ŉ verbruiker verkry kan word deur die invoer van inligting soos vervat in die aankoopbewys;

"bewoner", met betrekking tot enige perseel beteken:

a) enige persoon wat die grond of perseel werklik bewoon of beheer, sonder om te let op die okkupasiereg van sodanige persoon;

b) enige persoon wat regtens geregtig is om sodanige perseel te bewoon;

c) in die geval van persele wat onderverdeel is en aan loseerders en/of huurders verhuur word, die persoon wat die losiesgeld en/of huurgeld ontvang, hetsy vir eie rekening of as agent vir iemand wat daarop geregtig is;

d) Indien die raad nie kan vasstel wie sodanige persoon is nie,sal die persoon wat geregtig is op die voordelige gebruik van die eiendom geag word die bewoner te wees;

e) enige persoon wat met die beheer of bestuur van die perseel belas is;

"departement", die elektrotegniese dienste van die raad;

"dienstarief", die lys van tariewe vir elektrisiteitsdienste soos van tyd tot tyd deur die raad by wyse van besluit bepaal;

“eienaar”, met betrekking tot onroerende eiendom, behoudens die bepalings van Artikel 51 van die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986) en die Plaaslike Regering: Wet op Eiendomsbelasting (Wet Nr.6 2004 en wet 12 van 2007 en opdatering September 2015), die persoon wat in ’n registrasiekantoor geregistreer is as die eienaar van daardie eiendom. Met dien verstande dat waar ’n raad die eienaar is van eiendom wat verhuur word, die huurder vir die doeleindes van hierdie verordening beskou word as die eienaar van sodanige eiendom. Met dien verstande verder dat waar die eienaar van die eiendom:

(a) sterf;

(b) se boedel gesekwestreer word;

(c) sy boedel afstaan tot voordeel van sy skuldeisers;

(d) onder kuratele is as gevolg van ’n hofbevel;

(e) ’n maatskappy is wat gelikwideer of onder geregtelike bestuur geplaas word;

(f) ’n beslote korporasie is wat gelikwideer word; of

(g) ’n vennootskap is wat gesekwestreer word;

die betrokke eksekuteur, administrateur, trustee, regverkrygende, kurator, likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval, beskou word as die eienaar van die betrokke belasbare eiendom;

“elektriese installasie”, enige masjinerie, in of op ’n perseel, wat gebruik word vir die oorbring van elektrisiteit vanaf ’n beheerpunt na ’n verbruikerspunt waar ookal op die perseel, met inbegrip van enige artikel wat deel uitmaak van sodanige installasie ongeag of dit deel van die elektriese stroombaan is of nie, maar met uitsluiting van:

(a) enige masjinerie van die raad wat verband hou met die lewering van elektrisiteit op die perseel;

(b) enige masjinerie wat gebruik word vir die oorbring van elektrisiteit waarvan die spanning nie 50V mag oorskry nie waar sodanige elektrisiteit nie van die hooftoevoer van die raad verkry word nie;

(c) enige masjinerie wat elektriese energie in telekommunikasie-, televisie- of radio-stroombane oorbring;

(d) ’n elektriese installasie in ’n voertuig, vaartuig, trein of vliegtuig;

"geakkrediteerde persoon", ’n persoon wat ingevolge die Installasie Regulasies as ’n elektriese toetser vir enkelfase, ’n installasie-elektrisiën of ’n meester-installasie-elektrisiën, na gelang van die geval, geregistreer is;

"gebruikskode", die gebruikskode soos goedgekeur deur die hoofinspekteur ingevolge die bepalings van die toepaslike regulasies wat ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) afgekondig is;

"identiteitsdokument", die dokument waarna in die Wet op Identifikasie, 1997 (Wet 68 van 1997) verwys word;

"hoof: elektrotegniese dienste", die persoon wat kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) met die toesig oor die raad se elektrisiteitsdepartement belas is of enige ander persoon wat behoorlik gemagtig is, om namens hom op te tree;

"inspekteur of gemagtigde amptenaar" die hoofuitvoerende beampte, stadshoof: elektrotegniese dienste, stadshoof finansiële beampte, gesondheidsbeampte of enige persoon wat in verband met die toepassing of uitvoering van hierdie regulasies deur die raad aangestel is of enige persoon wat deur genoemde beamptes (in terme van die raad se delegasies) gemagtig is om namens hulle op te tree;

"installasie regulasie", die Elektriese Installasie Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing Nr. R2920 van 23 Oktober 1992;

"installeerwerk", die installering, uitbreidings, wysiging of herstel van ’n elektriese installasie, met inbegrip van die aansluiting van masjinerie by die toevoerterminale van sodanige masjinerie;

"kalendermaand", enige maand ongeag die aantal dae waaruit dit bestaan wat begin 12-uur middernag van die laaste dag van die voorafgaande maand tot 12-uur middernag van die laaste dag van die betrokke maand;

"meter", ’n meetinstrument deur die raad geïnstalleer by die toevoerpunt of enige ander punt op die raad se verspreidingstelsel of die elektriese installasie van die verbruiker vir die doel om die verbruiker se verbruik van elektrisiteit te meet;

"perseel", enige gebou, kamer, hut, skuur, tent of enige ander bouwerk bo, op of onder die grondvlak, tesame met die grond waarop dit geleë is en die aangrensende grond wat in verband daarmee gebruik word of enige grond sonder geboue;

"raad", die Laingsburg Munisipaliteit en sy gedelegeerdes wat, onderhewig aan die bepalings van die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987) ’n onderneming bedryf vir die voorsiening van elektrisiteit in

die gebied omvat deur en ingesluit by die munisipale grense van die raad;

"sertifikaat van nakoming", 'n sertifikaat in die vorm soos voorgeskryf in die Installasie Regulasies, uitgereik deur 'n geakkrediteerde persoon ten opsigte van 'n elektriese installasie of 'n gedeelte daarvan;

"munisipale bestuurder", die persoon wat deur die raad in die hoedanigheid aangestel is of enige persoon wat in die pos waarneem of deur die raad gemagtig is om namens hom op te tree;

"hoof-finansiële beampte", die persoon wat deur die raad in die hoedanigheid aangestel is of enige persoon wat in die pos waarneem of deur die raad gemagtig is om namens hom op te tree;

"toevoer", die voorsiening van elektrisiteit aan 'n verbruiker deur die aansluiting van 'n elektriese installasie by die elektrisiteitstoevoer van die raad;

"toevoerpunt", die punt waar die raad se elektrisiteitstoevoer by 'n elektriese installasie op 'n perseel aangesluit is;

"toevoerterminale", met betrekking tot masjinerie wat as 'n volledige eenheid geïnstalleer is, die terminale of verbindingsklampe aan sodanige masjinerie waar die eksterne geleiers wat die masjinerie van elektrisiteit voorsien, eindig of verbind word;

"uitgangspunt", enige eindpunt van 'n elektriese installasie wat voorsien is vir die aansluiting van enige elektriese masjinerie sonder die gebruik van gereedskap;

"verbruiker", enige persoon wat elektrisiteit verbruik wat deur die raad verskaf word, of, as daar geen sodanige persoon is nie, die eienaar van die perseel en vir die toepassing van hierdie verordening beteken dit die gebruiker of huurder van die elektriese installasie;

"verbruikersaansluiting", alle drade, kabels of ander apparaat deur die raad voorsien en geïnstalleer tussen die hoofstroombane en die uitgangsterminale van die meter of begrotingsmeter vir doeleindes van die voorsiening van elektrisiteit aan 'n verbruiker en indien, 'n meter of begrotingsmeter nie op die verbruiker se perseel geïnstalleer is nie, alle drade, kabels of ander apparaat geïnstalleer tussen die hoofstroombane en die hoofsekerings of stroombreker;

"verbruikersooreenkoms", 'n ooreenkoms in die vorm soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal, wat deur die verbruiker, die eienaar van 'n perseel of 'n persoon wat namens hom of haar optree voltooi en onderteken moet word alvorens elektrisiteit aan die betrokke installasie (met uitsondering van 'n begrotingsmeter) verskaf word;

"verbruikerspunt", enige uitgangspunt of die toevoerterminale van masjinerie wat nie met ŉ uitgangspunt verbind is nie en wat elektriese energie in ŉ ander vorm van energie omsit; met dien verstande dat in die geval van ŉ masjinerie wat vir enige spesifieke doel as ŉ volledige eenheid geïnstalleer is, die verbruikspunt die toevoerterminale is waarmee die masjinerie-eenheid vir daardie doel toegerus is;

"verbruikstarief", die lys van goedgekeurde tariewe vir die verbruik van elektrisiteit wat die raad gemagtig is om van verbruikers te vorder, soos gespesifiseer in die lisensie uitgereik deur die Nasionale Elektrisiteitsreguleerder ingevolge die bepalings van die Elektrisiteitswet, 1987.

*Aansoek om en voorwaardes van toevoer*

2.(1) Aansoek om ŉ toevoer moet by die hoof: elektrotegniese dienste en in ŉ vorm deur hom voorgeskryf, gedoen word.

(2) Niemand mag gebruik maak of voortgaan om gebruik te maak van toevoer van elektrisiteit van die raad nie, tensy of totdat daardie persoon aansoek gedoen het, welke aansoek goedgekeur moet wees, vir sodanige toevoer van die raad.

(3) Die hoof: elektrotegniese dienste kan vereis dat, voordat daar ŉ aanvang geneem word met enige installasiewerk, ŉ elektriese kontrakteur of permithouer, ŉ terreinplan wat die relatiewe posisies van die hoofgebou, grense en aangrensende strate aandui, asook ŉ diagram en spesifikasies wat in detail die besonderhede van enige voorgenome bouwerk, verandering, uitbreiding of herstelwerk aan enige elektriese installasie aantoon vir goedkeuring aan hom voorlê en waar sodanige plan, diagram of spesifikasies vereis word, mag daar nie met die voorgestelde werk ŉ aanvang geneem word nie totdat genoemde plan of spesifikasie deur die hoof: elektrotegniese dienste goedgekeur is nie.

(4) Behoudens die bepalings van hierdie verordening, sal die raad ŉ toevoer voorsien binne ŉ redelike tyd nadat aansoek daarom gedoen is. Die hoof: elektrotegniese dienste sal teen betaling van die gelde ooreenkomstig die dienstarief, die aantal meters voorsien wat hy nodig ag.

(5) Alle apparaat, toerusting en materiale tot by die toevoerpunt, soos omskryf in artikel 19, bly die eiendom van die raad ongeag of dit deur die raad of die verbruiker voorsien is.

(6) Die deurlopende voorsiening van ŉ toevoer aan ŉ verbruiker is onderhewig aan die nakoming van die voorsieningsvoorwaardes vervat in hierdie verordening. Die nie-nakoming van die voorwaardes is ŉ

oortreding en kan die raad die toevoer aan sodanige verbruiker afsluit ooreenkomstig die bepalings van artikel 11.

*Verbruikersooreenkoms en sertifikaat van nakoming*

3.(1) Geen toevoer sal voorsien word nie, tensy:

(a) ʼn sertifikaat van nakoming vir die installasie, uitgereik deur ʼn geakkrediteerde persoon, aan die raad voorgelê is; met dien verstande dat die bepaling slegs van toepassing is op nuwe installasies, die uitbreiding/verandering van bestaande installasies en die verandering van eiendomsreg van die betrokke perseel;

(b) (i) ʼn verbruikersooreenkoms, behoorlik voltooi, aan die hoof finansiële beampte of sy gemagtigde voorgelê is. Die voornemende verbruiker moet minstens sewe dae skriftelike kennis gee van sy voorneme om sodanige ooreenkoms met die raad aan te gaan en moet by ondertekening van die ooreenkoms, sy of haar identiteitsdokument voorlê. Die raad kan na keuse ʼn verbruikersooreenkoms met die eienaar, die verbruiker of ʼn persoon wat namens hom of haar optree, aangaan;

(ii) slegs natuurlike persone bo die ouderdom van 21 jaar en/of wat handelingsbevoeg is, mag ʼn ooreenkoms met die raad aangaan;

(iii) insolvente en ander persone wat nie handelingsbevoeg is nie, kan slegs met die toestemming en bystand van sy/haar kurator of wettige voog ʼn ooreenkoms aangaan, mits sodanige kurator of wettige voog onderneem om die volle rekening te betaal in geval van wanbetaling;

(iv) indien die eienaar/verbruiker nie ʼn natuurlike persoon is nie, moet ʼn magtiging om die ooreenkoms aan te gaan, voorgelê word;

(v) ʼn identiteitsdokument moet persoonlik by ondertekening van die ooreenkoms voorgelê word;

(vi) dit word nie van partye wat binne gemeenskap van goedere getroud is, vereis dat albei partye die ooreenkoms onderteken nie, maar albei partye word afsonderlik en gesamentlik aanspreeklik vir die betaling van rekening gehou; en

(c) die nodige deposito soos vereis ingevolge artikel 6 betaal is.

*Beëindiging van verbruikersooreenkoms*

4.(1) Behoudens die bepalings van artikel 11 en 12 kan enige verbruikersooreenkoms deur die verbruiker, sy gemagtigde verteenwoordiger, of deur die raad beëindig word, deur skriftelike kennisgewing met dien verstande dat indien sodanige kennisgewing die uitwerking het om ŉ ooreenkoms op ŉ Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag op te hef, sodanige beëindiging slegs op die eersvolgende dag wat nie ŉ Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie, in werking tree.

(2) Indien ŉ eienaar of verbruiker in gebreke gebly het om ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) kennis te gee, bly hy aanspreeklik vir die elektrisiteitsverbruik totdat dienooreenkomstig kennis gegee is.

*Voortsetting van toevoer aan nuwe verbruiker*

5.(1) Behoudens die bepalings van artikel 3(1) en ten einde voorsiening te maak vir die voortsetting van die toevoer, kan die raad, by beëindiging van enige verbruikersooreenkoms, ŉ nuwe verbruikersooreenkoms met enige voornemende verbruiker sluit wat vir die voortsetting van die toevoer voorsiening maak, ooreenkomstig die bepalings van enige wette, verordeninge, tariefskedules en voorwaardes wat in hierdie verordeninge vervat is, soos van tyd tot tyd deur die raad goedgekeur.

(2) Op die datum van beëindiging van die vorige ooreenkoms, word ŉ meterlesing gedoen en die nuwe verbruiker in subartikel (1) genoem is daarna aanspreeklik vir betaling van alle verbruik.

*Deposito's*

6.(1) (a) Uitgesonderd in die geval van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika (met inbegrip van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie, die Suid-Afrikaanse Posdiens, TELKOM en TRANSNET) of ŉ ander klas verbruiker deur die raad goedgekeur, moet elke aansoeker om ŉ toevoer, voordat sodanige toevoer geskied, by die raad ŉ bedrag geld stort, wat na die mening van die hoof finansiële beampte gelykstaande is aan die koste van die waarskynlike maksimum elektrisiteitsverbruik van die aansoeker gedurende enige twee of soveel meer agtereenvolgende maande as wat die raad bepaal.

(b) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1)(a) kan die hoof finansiële beampte, as sekuriteit vir die betaling van enige bedrag wat die aansoeker verskuldig mag word vir elektrisiteitstoevoer, in stede van die betaling van ŉ bedrag geld

as deposito, ŉ waarborg van ŉ goedgekeurde bank of ander finansiële instelling aanvaar vir ŉ bedrag wat bereken word soos in subartikel (1)(a) bepaal; met dien verstande dat die totale bedrag van sodanige waarborg nie minder as R15,000.00 mag bedra nie. Geen rente is deur die raad op enige bedrag geld wat in kontant as deposito gestort is, betaalbaar nie.

(2) Die hoof-finansiële beampte kan te eniger tyd wanneer daar bevind word dat die deposito of waarborg vir die toepassing van subartikel (1) ontoereikend is, van ŉ verbruiker vereis dat hy die deposito of waarborg deur hom verskaf, verhoog, tot hoogstens vier maande maksimum verbruik, in welke geval die verbruiker binne dertig dae nadat dit van hom vereis word, by die raad die bedrag moet stort, by gebreke waarvan die raad die toevoer kan staak.

(3) Enige bedrag wat deur of namens ŉ verbruiker gestort is, word, wanneer dit opgeëis word, binne sestig dae na die beëindiging van die verbruikersooreenkoms, terugbetaalbaar, met dien verstande dat die raad geregtig sal wees om enige bedrag, wat die verbruiker aan die raad verskuldig mag wees ten opsigte van dienste voorsien, van die deposito mag verhaal.

(4) (a) Behoudens die bepalings van subartikel (3), moet enige persoon wat ŉ terugbetaling van ŉ deposito of gedeelte daarvan eis:

(i) die kwitansie wat vir betaling van die deposito uitgereik is, oorhandig, of

(ii) indien sodanige kwitansie nie beskikbaar is nie, ŉ kwitansie deur die raad voorgeskryf, onderteken vir terugbetaling aan hom van sodanige deposito of ŉ gedeelte daarvan, en hy moet die hoof-finansiële beampte tevrede stel dat hy die persoon is wat daarop geregtig is.

(b) Indien ŉ deposito of ŉ gedeelte daarvan ooreenkomstig subartikel (1) terugbetaal is, is die raad kwytgeskeld van enige verdere aanspreeklikheid daarvan.

(c) Nieteenstaande enige ander bepaling van hierdie verordening word ŉ deposito of gedeelte daarvan ooreenkomstig artikel 6(3) bereken verbeur, indien dit nie binne ŉ tydperk van twaalf maande vanaf die datum van beëindiging van die verbruikersooreenkoms deur die verbruiker opgeëis word nie.

*Rekenings*

7.(1) Die hoof-finansiële beampte stuur ten opsigte van elke meterleestydperk aan elke verbruiker 'n rekeningstaat waarin die bedrag verskuldig vir elektrisiteitsverbruik bereken ooreenkomstig die verbruikstarief, aangetoon word, welke bedrag aan die raad betaal moet word voor of op die betaaldatum in die rekeningstaat vermeld.

(2) Die hoof-finansiële beampte kan, gedurende enige meterleestydperk, aan die verbruiker 'n voorlopige rekeningstaat stuur ten opsigte van 'n gedeelte van sodanige tydperk, welke gedeelte so na as wat praktiese moontlik is gelyk aan 'n tydperk van dertig dae moet wees. Die bedrag wat in sodanige rekeningstaat verskyn, word vasgestel soos bepaal in subartikel 3(a) en die hoof-finansiële beampte moet so gou doenlik na die meteraflesing aan die einde van sodanige tydperk aan die verbruiker 'n rekeningstaat stuur, gebaseer op die werklike gemete verbruik gedurende daardie tydperk, met inagneming van enige bedrag wat deur hom op 'n voorlopige rekening, soos vermeld, betaal is.

(3) (a) Die bedrag wat in 'n voorlopige rekeningstaat in subartikel (2) gemeld word, word deur die hoof-finansiële beampte bepaal met verwysing na sodanige vorige verbruik op dieselfde of 'n ander soortgelyke perseel of persele wat, na sy mening, as 'n redelike leidraad sou dien vir die hoeveelheid elektrisiteit wat oor die tydperk deur die voorlopige rekening gedek, verbruik is; met dien verstande dat indien dit sou blyk dat die werklike verbruik aansienlik hoër of laer is as die verbruik waarop 'n voorlopige rekening gebaseer is, mag die hoof-finansiële beampte te eniger tyd gedurende die eerste twaalf maande van bewoning, die bedrag wat in die voorlopige rekening verskyn, wysig.

(b) Na afloop van die eerste twaalf maande van bewoning word die bedrag van 'n voorlopige rekening in subartikel (2) genoem, deur die hoof-finansiële beampte bepaal volgens die gemiddelde verbruik van die voorafgaande ses meterleestydperke en die hoof-finansiële beampte kan ten einde voorsiening te maak vir tariefverhogings of moontlik hoër verbruik gedurende 'n bepaalde tydperk, 'n toevoeging van hoogstens 50 % tot die bedrag wat in sodanige voorlopige rekening verskyn, maak.

(4) Wanneer 'n verbruiker beweer dat hy 'n foutiewe rekeningstaat ontvang het, weens die toepassing van 'n verkeerde tarief of om enige ander rede as die onjuistheid van 'n meter, moet die raad sodanige ondersoek instel en toetse uitvoer as wat hy nodig ag en, indien hy daarvan oortuig is dat die verbruiker 'n foutiewe rekeningstaat ontvang het, dit dienooreenkomstig wysig. Indien hy nie aldus oortuig is nie, moet die verbruiker die koste van sodanige ondersoek en toetse aan die raad vergoed.

*Metering*

8.(1) Die verbruik gedurende enige meterafleestydperk op enige perseel, word geneem as die verskil van die aflesing van die meter of meters daarop aan die begin en einde van sodanige tydperk, en waar maksimum aanvraag metering van toepassing is, maak die maksimum aanvraag ook deel van die meteraflesing uit.

(2) Die lesing wat ʼn meter toon is prima facie bewys van die elektriese energie wat verbruik is en van die maksimum aanvraag gedurende die meterafleestydperk en ʼn inskrywing in die raad se boeke is prima facie bewys dat die meter die lesings getoon het wat die inskrywings as sodanig boekstaaf.

(3) Die raad kan ʼn begrotingsmeter op aansoek van ʼn verbruiker, op ʼn perseel installeer op koste van die verbruiker.

(4) Eenhede vir gebruik deur middel van ʼn begrotingsmeter, kan vanaf die raad aangekoop word by verkooppunte vir die doel ingerig.

(5) Nadat ʼn aankoopbewys by die verkooppunt geskep is, word geen terugbetaling van die bedrag wat vir die aankoop van die eenhede aangebied is, gedoen nie.

(6) ʼn Afskrif van ʼn aankoopbewys kan op versoek aan verbruikers uitgereik word.

(7) Indien ʼn perseel waarop ʼn begrotingsmeter geïnstalleer is van eienaar verwissel, word geen terugbetaling van die oorblywende eenhede in die begrotingmeter gedoen nie.

(8) Die raad aanvaar geen aanspreeklikheid vir die verlies van eenhede in ʼn begrotingsmeter wat weens peutering, die verkeerde gebruik van die begrotingsmeter of om welke rede ookal verlore gaan nie.

(9) Indien `n eienaar en/of bewoner en/of verbruiker geld aan die raad verskuldig is, kan die raad `n persentasie van elke bedrag, wat aangebied word om eenhede vir die begrotingsmeter te bekom, verhaal totdat die volle balans vereffen is.

*Toets van juistheid van meter*

9.(1) (a) Indien 'n verbruiker of eienaar rede het om te glo dat 'n meter nie juis registreer nie, kan hy/sy die hoof: elektrotegniese dienste skriftelik versoek dat sodanige meter getoets word. Sodanige kennisgewing moet vergesel wees van die gelde ooreenkomstig die dienstarief en die hoof: elektrotegniese dienste moet so gou doenlik daarna die meter toets ooreenkomstig die gebruikskode of ooreenkomstig 'n prosedure wat die hoof: elektrotegniese dienste bepaal.

(b) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (a) mag die hoof: elektrotegniese dienste, wanneer hy dit nodig ag, op 'n soortgelyke wyse die akkuraatheid van enige meter toets.

(2) Die hoof: elektrotegniese dienste se bevinding met betrekking tot die juistheid van 'n meter, nadat die toets in subartikel (1) genoem, uitgevoer is, is finaal en 'n meter word geag om juis te registreer indien daardie toets bewys dat dit met 'n gemiddelde van nie meer as 2,5 persent oor 'n tydperk van 14 dae oor/of onderregistreer nie.

(3) Die gelde betaalbaar ingevolge subartikel (1) moet terugbetaal word indien daar deur die toets bewys word dat die meter onjuis registreer.

(4) Die hoof: elektrotegniese dienste moet die meter lees onmiddellik voordat dit vir toetsing verwyder word en die lopende afleestydperk word ten tye van sodanige aflesing beëindig.

(5) Indien die hoof: elektrotegniese dienste, nadat hy 'n meter getoets het, of weens enige ander goeie en voldoende rede, oortuig is dat die meter nie korrek of hoegenaamd registreer nie, soos omskryf in subartikel (2), tree die raad op ooreenkomstig die bepalings van artikel 10.

*Onvermoë van meter om juis te registreer*

10.(1) Die lesing deur die defektiewe meter aangetoon, word verontagsaam en die verbruiker:

(a) word met betrekking tot die lopende afleestydperk, met dieselfde bedrag gedebiteer as wat hy ten opsigte van die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar betaal het, behoudens aansuiwering wat as gevolg van enige verandering aan die installasie of die tarief nodig is;

(b) word, indien hy nie gedurende die ooreenstemmende tydperk in subartikel (a) genoem die perseel bewoon het nie, gedebiteer op die grondslag van sy verbruik gedurende die ses maande wat die laaste datum waarop daar bevind is dat die meter juis registreer voorafgegaan het;

(c) word, indien hy gedurende die hele tydperk in subartikel (b) genoem, nie die perseel bewoon het nie, van ŉ voorlopige rekeningstaat soos bepaal in artikel 7 voorsien, of

(d) word, indien die defektiwiteit van die meter te wyte is aan ŉ tegniese fout of ŉ defek van watter aard ook al, gedebiteer op die grondslag van sy verbruik gedurende die eerste drie maande nadat die defektiewe meter herstel is of deur die lees van die geheue van ŉ begrotingsmeter as bases vir die geraamde aansuiwering.

(2) Indien daar vasgestel kan word dat die meter vir ŉ langer tydperk as die meterafleestydperk in subartikel (1) genoem, onjuis geregistreer het, kan die verbruiker gedebiteer word met die bedrag ooreenkomstig die genoemde subartikel bepaal of vir ŉ langer tydperk; met dien verstande dat geen bedrag aldus gedebiteer mag word nie ten opsigte van ŉ tydperk langer as een jaar wat die datum waarop daar bevind is dat die meter onjuis registreer, voorafgegaan het nie.

(3) Enige bedrag wat deur die verbruiker kragtens subartikels (1) en (2) verskuldig is, word deur hom betaal binne tien dae nadat hy skriftelik deur die raad aangesê is om dit te doen of die verbruiker word sonder versuim gekrediteer met enige bedrag wat hy te veel betaal het.

*Afsluiting van toevoer*

11.(1) Die raad het die reg om ŉ verbruiker se toevoer onder die volgende omstandighede af te sluit:

(a) indien die verbruiker versuim om ŉ verskuldigde bedrag vir verbruik voor of op die betaaldatum in die rekeningstaat vermeld te betaal;

(b) in die geval van ŉ ongemagtigde aansluiting of heraansluiting van ŉ installasie by die verbruikersaansluiting of die elektrisiteitstoevoer;

(c) in die geval van die onbehoorlike gebruik van elektrisiteit wat die doeltreffende lewering van elektrisiteit aan ŉ ander verbruiker belemmer of daarop bereken is om dit te belemmer;

(d) in die geval van die herverkoop van elektrisiteit vir gebruik op ŉ ander perseel;

(e) in die geval van die ongemagtigde verwydering of skeiding van ŉ seël of slot wat deur die raad op enige meter, dienssekering, diensstroombreker of ander soortgelyke apparaat geplaas is;

(f) in die geval van die ongemagtigde bemoeiing of peutering met of die beskadiging van ŉ verbruikersaansluiting of enige gedeelte daarvan, of

(g) in die geval van oortreding van enige ander voorsieningsvoorwaarde.

(2) Die verskuldigde bedrag asook die gelde betaalbaar vir die afsluiting en heraansluiting van die toevoer, ooreenkomstig die dienstarief, is betaalbaar alvorens die toevoer herstel sal word.

(3) Die raad kan sonder kennisgewing die toevoer van enige installasie tydelik afsluit met die doel om herstelwerk of inspeksie te doen, of om toetse uit te voer, of vir enige ander doel wat in verband staan met sy verspreidingsnetwerk of enige ander werke.

*Verwydering van verbruikersaansluiting vir die doel van slopings of veranderings aan geboue*

12.(1) Enigiemand wat verlang dat ŉ bestaande verbruikersaansluiting verwyder moet word, moet die hoof: elektrotegniese dienste in kennis stel, deur voltooiing van die voorgeskrewe vorm verkrygbaar by die departement. Gelde betaalbaar vir die verwydering van sodanige aansluiting is ooreenkomstig die dienstarief.

(2) Waar ŉ kabelverbruikersaansluiting verwyder is ooreenkomstig subartikel (1) en ŉ kabelverbruikersaansluiting vir ŉ nuwe of veranderde gebou benodig word, word dit beskou as ŉ nuwe kabelverbruikersaansluiting.

(3) Die raad moet op aansoek deur ŉ verbruiker, in ŉ vorm deur die hoof: elektrotegniese dienste voorgeskryf, die toevoer afsluit en dit heraansluit na betaling van gelde ooreenkomstig die dienstarief.

*Ongeoorloofde aansluiting*

13. Niemand, behalwe ŉ werknemer wat deur die raad gemagtig is, mag enige installasie by die verbruikersaansluiting of die verspreidingsnetwerk aansluit of heraansluit, of poog om dit te doen nie.

*Onwettige gebruik*

14.(1) Toevoer waarvoor daar 'n heffing van tyd tot tyd deur die raad bepaal is en wat deur 'n meter of stel meters gemeet word, mag vir geen doel gebruik word waarvoor daar 'n hoër heffing bepaal is nie.

(2) Sonder die skriftelike toestemming van die raad mag geen elektrisiteit deur hom gelewer, gebruik word nie tensy dit deur die meter, wat aan die elektriese installasie gekoppel is, gegaan het nie.

*Herverkoop van elektrisiteit*

15. Niemand verkoop of lewer elektrisiteit wat deur die raad op 'n bepaalde perseel gelewer word, vir verbruik op 'n ander perseel as die ten opsigte waarvan sodanige voorsiening gemagtig word, of laat toe dat sodanige verkoop of lewering geskied nie en waar sodanige elektrisiteit vir verbruik op dieselfde perseel herverkoop word: -

(1) moet sodanige elektrisiteit, ten opsigte van elke koper, gemeet word deur 'n submeter van 'n soort wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde goedgekeur is, asook sodanige vereistes wat van tyd tot tyd deur die hoof: elektrotegniese dienste bepaal mag word. Submetertoerusting moet gehuisves word in akkommodasie wat afsonderlik is van die akkommodasie wat vir die raad se meettoerusting voorsien word;

(2) is die raad nie aanspreeklik vir enige onjuistheid of ander gebrek in enige submeter nie, of die Raad sodanige submeter of die installasie daarvan goedgekeur het al dan nie;

(3) mag die tariewe en verkoopvoorwaardes waarteen elektrisiteit aldus herverkoop word, nie minder gunstig vir die koper wees nie as die wat betaalbaar en van toepassing sou gewees het indien die koper regstreeks deur die raad van elektrisiteit voorsien was, of

(4) elke sodanige koper is daarop geregtig om te eis dat die verkoper hom van alle sodanige rekeninge, dokumente en ander inligting voorsien wat nodig mag wees om hom in staat te stel om te bepaal of die rekeninge deur hom ontvang, korrek is.

*Inspeksie en toetse*

16.(1) Die hoof: elektrotegniese dienste kan op enige redelike tydstip, of in noodgevalle te eniger tyd, of op versoek van die eienaar of die verbruiker, enige perseel betree en enige gedeelte van die verbruikersaansluiting of installasie daarop vir enige doel inspekteer of toets, insluitende die doel om vas te stel of daar 'n oortreding van

hierdie verordening of ander toepaslike wetgewing begaan is of begaan word. Die voorgeskrewe gelde ooreenkomstig die dienstarief is betaalbaar indien die inspeksie of toetsing op versoek van die eienaar of verbruiker uitgevoer word. Die eienaar of verbruiker moet, wanneer hy daartoe versoek word, enige dier, grond, stene, klip, houtwerk of ander voorwerp wat enige gedeelte van die verbruikersaansluiting of elektriese installasie versper of bedek, sonder koste vir die raad verwyder ten einde die inspeksie of toets moontlik te maak.

(2) Enige werk of herstelwerk wat in opdrag van die hoof: elektrotegniese dienste uitgevoer moet word na afhandeling van die inspeksie of toets, moet in alle opsigte voldoen aan die Installasie Regulasie sonder koste vir die raad.

*Installasie en bedrading moet voldoen aan wetgewing*

17. Elke installasie, die bedrading daarvan en enige byvoeging daartoe of verandering daarvan moet voldoen aan die Installasie Regulasies. Die toevoer kan sonder enige kennisgewing gestaak word, indien die installasie nie aan die Installasie Regulasies voldoen nie.

*Nie-aanspreeklikheid van die raad*

18. Die raad is nie aanspreeklik vir enige regstreekse of onregstreekse skade of verlies wat deur die eienaar en/of bewoner(s) en/of enige verbruiker gely of opgedoen word voortspruitend uit of wat verband hou met die installering van ŉ installasie of enige wysiging of toevoeging daartoe, of wat voortspruit uit die toestand van ŉ elektriese installasie of die staking, onderbreking, beëindiging, afsluiting of ontoereikendheid van die toevoer van elektrisiteit nie.

*Toevoerpunt*

19. Die toevoerpunt word deur die hoof: elektrotegniese dienste bepaal en moet, behalwe waar hy andersins vereis en goedkeur, soos volg wees:

(a) in die geval van ŉ ondergrondse distribusiestelsel, by die distribusie- of meterkas op ŉ sypaadjie of perseel geleë, waarvandaan die toevoer aan die verbruiker se perseel verskaf word;

(b) in die geval van ŉ bogrondse distribusiestelsel, by die klemme van die raad se toevoerkabel of op die verbruiker se meterbord waarop die meettoerusting geïnstalleer is, of op sodanige ander meterbord wat, volgens die oordeel van die hoof: elektrotegniese dienste, geplaas moet word op die grens van die

verbruiker se perseel of by ŉ punt op die perseel soos ooreengekom;

(c) in die geval van ŉ grootmaat toevoer, by die klemme van die raad se skakeltuig wat die verbruiker se perseel voorsien, en

(d) in die geval van ŉ begrotingsmeter:

(i) indien die toevoer deur ŉ ondergrondse kabel voorsien word, by die uitgangsklemme van die stroombreker by die distribusie- of meterkas op die sypaadjie of erfgrens, of

(ii) indien die toevoer deur ŉ oorhoofse (bogrondse) distribusiestelsel geskied, by die uitgangsklemme van die hoofstroombreker by die paal.

*Verbruikersaansluiting*

20.(1) Die eienaar van die betrokke perseel moet, in die vorm soos deur die hoof: elektrotegniese dienste voorgeskryf, aansoek doen om die installasie of herinstallasie van ŉ verbruikersaansluiting.

(2) ŉ Verbruikersaansluiting word op die eienaar se onkoste geïnstalleer en die koste daarvan, ooreenkomstig die dienstarief, moet aan die raad betaal word, voordat toevoer gemagtig word.

(3) Elke gedeelte van die verbruikersaansluiting bly die eiendom van die raad.

(4) Ondanks die feit dat die verbruikersaansluiting by ŉ goedgekeurde elektriese installasie reeds voltooi mag wees, kan die raad na sy goeddunke weier om elektrisiteit aan daardie installasie te lewer totdat alle bedrae deur dieselfde verbruiker aan die raad verskuldig, ten opsigte van daardie of enige ander verbruikersaansluiting, op dieselfde perseel al dan nie, betaal is.

(5) In die geval van ondergrondse verbruikersaansluitings kan die raad van die verbruiker vereis om op eie koste, goedgekeurde afsonderlike pype of kanale te voorsien en te installeer vanaf die meterpunt in die gebou tot op die erfgrens.

(6) Die raad kan, behoudens enige voorwaardes wat hy mag oplê, meer as een verbruikersaansluiting aan dieselfde perseel verskaf onderworpe daaraan dat die meerdere verbruikersaansluitings nie onderling verbind mag word nie.

(7) Die aansoeker om ŉ verbruikersaansluiting moet, voordat daar met die werk ŉ aanvang gemaak word, die raad van sodanige vrywaring voorsien as wat die raad mag spesifiseer en die hoof: elektrotegniese

dienste kan weier om ŉ verbruikersaansluiting te voorsien, totdat hy daarvan oortuig is dat niemand daartoe geregtig is om teen sodanige installasie beswaar te maak nie.

(8) (a) Waar verskillende tariewe van toepassing is ten opsigte van die verskaffing van elektrisiteit aan dieselfde perseel, word afsonderlike stroombane voorsien en gemeet en waar dit nie gedoen word nie, is die hoogste tarief van toepassing.

(b) Die verskaffing van elektrisiteit vir gemeenskaplike gebruik op die perseel ten opsigte van terreine, gange, trappe, badkamers, toilette en ander soortgelyke gebruike, geskied by wyse van ŉ afsonderlike stroombaan en meter.

*Beperking van grootte van motors*

21.(1) Waar die raad se laespanningsleweringstelsel bestaan uit driefasige vierdraad wisselstroom, kan motors tot en met 2.2 kW gewikkel wees vir spannings soos voorgeskryf in die Elektrisiteitswet, 1987. Alle groter laespanningsmotors moet gewikkel wees vir drie fase by 380 volt.

(2) Aansitstroom van motors:

(a) Tot en met 2.2 kW; 7 maal die ontwerpstroom op vollas.
Bo 2.2 kW tot en met 7.5 kW; 4 maal die ontwerpstroom op vollas.
Bo 7.5 kW tot en met 15 kW; 3 maal die ontwerpstroom op vollas.
Bo 15 kW; 2 maal die ontwerpstroom op vollas.

(b) Tensy anders bepaal deur die hoof: elektrotegniese dienste, moet in die geval van motors met ŉ vermoë bo 55 kW 400/231 V driefase, die aansitstroom tot 1.25 maal normale vollasstroom beperk word.

(c) Alle elektriese beveiligingstoerusting vir meerfasige motors moet van so ŉ ontwerp wees dat op doeltreffende wyse verhoed word dat enkelfasige werking kan plaasvind.

(d) Die aansitstroom van hoëspanningsmotors word deur die hoof: elektrotegniese dienste volgens omstandighede bepaal. Tensy anders bepaal deur die hoof: elektrotegniese dienste, moet die totale aansitstroom van driefasige 400/231 V motors beperk word tot 1.5 maal die vollasstroom van die transformator wat die motors voer.

(e) Die aansitstroom waarna in subartikels (a), (b) en (d) verwys word dien slegs as gids vir die maksimum-aansitstroom toelaatbaar vir enige motor wat by die raad se leweringstelsel aangesluit staan te word en is nie vir die raad bindend nie.

(f) Die raad kan te eniger tyd van 'n verbruiker verlang dat hy goedgekeurde stappe moet doen om die aansitstroom van enige motor of motors in 'n installasie te verminder indien hy dit nodig of wenslik ag, uit die oogpunt van ander verbruikers, of van oormatige belasting op die raad se hoofleidings of weens die aansitfrekwensie.

*Verseëlde apparaat*

22. Waar enige seël of slot deur die raad op enige meter, dienssekering, dienstroombreker of ander soortgelyke apparaat geplaas is, of dit aan die raad behoort al dan nie, mag niemand behalwe 'n gemagtigde werknemer van die raad, om enige rede hoegenaamd, sodanige seël of slot verwyder, breek, skend of hom andersins daarmee bemoei nie.

*Peutering*

23. Niemand mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd enige verbruikersaansluiting verf, skend, daarmee peuter of hom daarmee bemoei nie en slegs 'n gemagtigde beampte van die raad kan enige verstel- of herstelwerk daarvan verrig.

*Aanspreeklikheid*

24.(1) Die eienaar en/of bewoner van die perseel of die verbruiker is aanspreeklik om die raad vir enige skade aan die verbruikersaansluiting of enige gedeelte daarvan of aan enige ander apparaat van die raad op die perseel, te vergoed, tensy sodanige skade te wyte is aan nalatigheid aan die kant van die raad.

(2) Indien die kabel of enige ander gedeelte van 'n verbruikersaansluiting beskadig word, moet die verbruiker die hoof: elektrotegniese dienste, sodra hy daarvan bewus word, in kennis stel en die hoof: elektrotegniese dienste of 'n persoon deur hom gemagtig, moet die skade herstel.

*Soort toevoer*

25.(1) Die volgende leweringstelsel bestaan op die raad se distribusie-netwerk:

(a) Enkelfasige wisselstroom, 231 volt spanning 50 Hz.

(b) Driefasige wisselstroom, 400 volt spanning 50 Hz.

(c) Hoëspanningslewering teen verklaarde spanning.

(2) Die hoof: elektrotegniese dienste beslis in enige besondere geval of lewering kragtens subartikels (1)(a), (b) of (c) hierbo moet geskied en sy beslissing word gebaseer op die volgende:

(a) of sodanige lewering in die betrokke gebied beskikbaar is;

(b) of ʼn toekomstige verandering in die lewering in die betrokke gebied verwag word; of

(c) waar die aangeslote aanvraag op die perseel meer as 50 kV.A is, en die vermoë van die raad se laagspanningsverspreidings-net oorskry, kan die hoof: elektrotegniese dienste van die verbruiker vereis dat hy sy kragvoorsiening van die hoofspan-ningshoofleidings afneem (wat normaalweg getransformeer word tot ʼn lewering van 400/231 volt) of deur middel van die raad se toerusting (die koste waarvan deur die verbruiker gedra word) of deur middel van die verbruiker se toerusting.

(3) In sy beslissing of ʼn verbruiker verplig moet word om sy lewering van die hoofspanningsgeleidings te neem, moet die hoof: elektrotegniese dienste ook in ag neem ekonomiese en tegniese oorwegings wat voortspruit uit die bestaande en moontlike toekomsitge belastings en bedryfstoestande van die betrokke netwerk, asook enige ander tersaaklike faktore, met insluiting van dié wat voortspruit uit die bestaande en waarskynlike toekomstige aard van die verbruiker se belasting.

*Akkommodasie van diens*

26.(1) Wanneer die raad dit vereis, verskaf die verbruiker op sy eie koste ʼn meterkamer of substasie van goedgekeurde ontwerp vir die raad se uitsluitlike gebruik, op ʼn goedgekeurde plek op die verbruiker se perseel.

(2) Waar ʼn substasie op die verbruiker se perseel opgerig is ingevolge subartikel (1), behou die raad die reg voor om elektrisiteit vanaf die geïnstalleerde toerusting ook aan ander verbruikers te lewer.

(3) Ten einde die raad in staat te stel om toerusting oor of op die verbruiker se eiendom op te rig, aan te lê, of te installeer in verband met elektrisiteitstoevoer vir die verbruiker op die eiendom en aan ander verbruikers, moet die verbruiker gratis aan die raad vir ŉ onbepaalde tydperk ŉ reg of regte van weg verleen langs ŉ roete waaroor daar ooreengekom moet word en wat so reguit moontlik moet wees.

(4) Indien die verbruiker nie die eienaar van die eiendom is nie, moet hy sodanige regte van weg gratis ten gunste van die raad verkry.

(5) Indien ŉ verbruiker die raad versoek om enige verandering aan die raad se bogrondse lyne, kabels of ander toerusting aan te bring of om enige van sy toerusting te verplaas of te verwyder, moet die verbruiker die koste van sodanige verandering, verplasing of verwydering aan die raad vooruit betaal.

*Instandhouding van installasie*

27. Die eienaar en/of bewoner van ŉ perseel moet te alle tye en tot bevrediging van die hoof: elektrotegniese dienste enige installasie op sodanige perseel wat aan die toevoer gekoppel is in ŉ goeie toestand en werkende orde hou ooreenkomstig die veiligheidsvereistes soos voorgeskryf in die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993).

*Beheerapparaat, lasvermindering en onderbreking van toevoer*

28.(1) Die raad mag ŉ beheerstelsel aan enige waterverwarmer, ruimteverwarmer van die opgaarsoort of aan enige ander apparaat installeer en te eniger tyd die genoemde apparaat, vir sodanige tyd as wat nodig geag word, afskakel.

(2) Ten tye van spitslas of in noodgevalle, of wanneer, volgens die mening van die hoof: elektrotegniese dienste, dit vir enige voldoende rede nodig of wenslik mag wees om die las op die voorsieningstelsel te verminder mag die raad, sonder kennisgewing, die toevoer onderbreek vir so ŉ tydperk as wat die hoof: elektrotegniese dienste dit nodig mag ag.

(3) Die raad sal nie verantwoordelik wees vir enige verlies of skade, regstreeks of onregstreeks, wat ontstaan as gevolg van so ŉ onderbreking van toevoer nie.

*Belemmering van werknemers*

29. Niemand mag –

(1) ŉ inspekteur of gemagtigde amptenaar van raad hinder, belemmer of hom lastig val in die uitvoering van enige plig ingevolge hierdie verordening nie;

(2) weier om sodanige inligting te verskaf as wat die raad redelikerwys mag verlang nie;

(3) aan die raad enige inligting verskaf wat, na sy wete, vals of misleidend is nie, of

(4) ŉ inspekteur of gemagtigde amptenaar van die raad op enige wyse hoegenaamd verhoed of belemmer om gedurende normale werksure, vry en onbelemmerde toegang tot ŉ meter te verkry om die nodige meterlesings te bekom nie.

*Kragontwikkeling*

30.(1) Niemand mag sonder die skriftelike goedkeuring van die hoof: elektrotegniese dienste, op enige wyse hoegenaamd, krag op ŉ perseel ontwikkel nie, hetsy vir eie gebruik of verbruik deur andere.

(2) Indien die goedkeuring bedoel in subartikel (1) hierbo verkry is, mag krag wat aldus ontwikkel word onder geen omstandighede by ŉ elektriese installasie wat met die raad se toevoer verbind is, aangesluit word nie, behalwe deur middel van ŉ goedgekeurde oorskakelaar.

*Voldoende beveiliging*

31.(1) Elke verbruiker moet verseker dat sy installasie voldoende beveiligingstoestelle insluit om beskadiging te verhoed:

(a) van genoemde installasie as gevolg van steurings in die raad se stelsel, en

(b) van die raad se stelsel as gevolg van foute in genoemde installasie.

(2) Die verbruiker moet nie onder enige omstandighede aanvaar dat enige beveiligingstoestel wat deur die raad voorsien word, geskik is of bedoel is om die verbruiker se elektriese installasie of apparaat te beveilig nie.

*Ongereelde toevoer*

32.(1) Behoudens die bepalings van artikel 26 van die Elektrisiteitswet, 1987 is die raad nie aanspreeklik vir die gevolge vir die verbruiker of enige ander persoon van enige staking, variasie, stuwing of gebrek aan elektrisiteit nie.

(2) Indien ʼn onderbreking van die toevoer skade aan die verbruiker se uitrusting of besigheid kan veroorsaak, moet hy die nodige voorsorgmaatreëls tref om hom teen sodanige moontlike skade te beskerm.

*Kennisgewings*

33. Enige kennisgewing of ander dokument wat die raad ingevolge hierdie verordening uitreik, word geag aldus uitgereik te gewees het indien dit deur die hoof: elektrotegniese dienste, die hoof-finansiële beampte of die munisipale bestuurder onderteken is of deur sodanige ander beampte aan wie enigeen van hulle magtiging mag verleen om namens hom te teken.

*Betekening van dokumente*

34. Enige voorskrif, kennisgewing of dokument wat ingevolge hierdie verordening aan ʼn persoon gegee of gestuur word, kan gegee of gestuur word deur die oorspronklike daarvan op een van die volgende maniere af te lewer:

(1) oorhandiging daarvan aan sodanige persoon persoonlik of aan sy behoorlik gemagtigde agent;

(2) deur sodanige voorskrif, kennisgewing of dokument te versend per vooruitbetaalde gesertifiseerde of geregistreerde pos, aan sy laasbekende huisadres, besigheidsadres of posbusnommer;

(3) oorhandiging daarvan aan ʼn persoon oënskynlik bo die ouderdom van sestien jaar, op die eiendom wat behoort aan of bewoon word deur die persoon op wie die bestelling moet geskied;

(4) indien geen sodanige persoon gevind kan word nie, deur die voorskrif, kennisgewing of dokument op ʼn ooglopende plek op die eiendom te plaas;

(5) indien ʼn persoon ʼn domicilium citandi et executandi gekies het, die stuk by sodanige adres op een van bogemelde maniere af te lewer, of

(6) enige voorskrif, kennisgewing of dokument wat kragtens hierdie regulasies aan die eienaar of bewoner van die eiendom afgelewer moet word kan aan die "eienaar" of "bewoner" van die betrokke eiendom geadresseer word sonder die eienaar of bewoner se naam of enige beskrywing.

*Oortredings en strawwe*

35.(1) Elkeen wat enige bepaling van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan `n misdryf skuldig en by skuldigbevinding deur 'n hof strafbaar met 'n straf en/of gevangenisstraf.

(2) Dit word geag dat die bewoner, of indien daar geen bewoner is nie, die eienaar van enige perseel wat van elektrisiteit voorsien is en waarop 'n oortreding kragtens hierdie verordening begaan word, aan daardie oortreding skuldig is, tensy hy bewys dat hy nie geweet het en nie deur die beoefening van redeliker ywer, kon geweet het dat dit begaan word nie, en dat dit deur 'n persoon begaan is oor wie hy geen beheer gehad het nie.

(3) Iedereen wat die bepalings van artikel 14 oortree en wat gevolglik nie vir elektrisiteit wat gebruik is gedebiteer is nie, of gedebiteer is vir sodanige elektrisiteit teen 'n tarief laer as dié waarteen hy gedebiteer moes word, is ondanks enige straf wat ingevolge hierdie verordening opgelê mag word, aanspreeklik om aan die raad die bedrag te betaal wat betaalbaar sou gewees het indien genoemde oortreding nie begaan is nie, en sodanige bedrag word bereken teen die hoogste heffing waarvoor die betrokke tarief voorsiening maak, vanaf die datum waarop die oortreding oorspronklik plaasgevind het.

(4) Behoudens die kostebevel van 'n bevoegde hof, kan die koste wat die raad aangaan om enige bedrag wat enige persoon ingevolge hierdie verordening aan die raad verskuldig is, te verhaal of probeer verhaal, van sodanige persoon verhaal word.

*Toeslag*

36. 'n Toeslag soos deur die raad goedgekeur, word gevoeg by elke rekening wat nie voor of op die 7de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan die rekening gelewer is, by die raad se kantore betaal is nie, of die eerste dag waarop die raad se kantore oop is, as die 7de op 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag val.

*Arbitrasie*

37. Indien 'n geskil of kwessie te eniger tyd tussen die voorsieningsowerheid en die verbruiker ontstaan oor die uitleg, betekenis of uitwerking van hierdie verordening of oor die regte, verpligtinge of aanspreeklikhede van beide partye daarkragtens, word sodanige geskil of kwessie of aangeleentheid of ding wat aldus aan ooreenkoms of aanpassing onderworpe is, by arbitrasie besleg op die wyse waarop daar ooreengekom word, en by gebreke daarvan, in gevolge die bepalings van die Arbitrasiewet, 1965 (Wet 42 van 1965), soos gewysig.

*Foutiewe Vooruitbetaalde meter*

38. Waar 'n rekenaarprogram by die verkoop van koopkrag foutief sou raak en die vooruitbetaaldemeter as gevolg hiervan oorbrug moet word, sal die koste van die eenhede wat gratis gedurende hierdie periode verbruik is, soos deur die Hoof-Finansiële Beampte bepaal, van die verbruiker verhaal word.

*Lewer van gratis elektrisiteit*

39. Die raad kan met die jaarlikse oorweging van tariewe vir die lewer van die diens, besluit om gratis dienste soos op Nasionale vlak voorgeskryf of soos deur die raad bepaal, aan verbruikers te lewer - Dernishuishoudings.

Raadsbesluit Datum: ………………………

Handtekening Munisipale Bestuurder: ……………………

Handtekening Burgermeester: ……………………………

# LAINGSBURG MUNISIPALITEIT
# TARIEFVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 13 van die Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000) dat die munisipale raad van die Munisipaliteit Laingsburg, die verordening, soos uiteengesit in die bylae hiertoe, gemaak het:

## BYLAE

**WOORDOMSKRYWINGS**

1. In hierdie verordening het ŉ woord of uitdrukking waaraan ŉ betekenis in die Wet geheg word daardie betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk beteken —

(1) "*binneseisoen*" die periodes vanaf 1 Desember van ŉ jaar tot en met 31 Januarie van die daaropvolgende jaar en vanaf Maandag voor Paasnaweek tot en met Paasmaandag;

(2) "*die Wet*" die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wet, 2000 (Wet No. 32 van 2000);

(3) "*ekonomiese diens*" die dienste wat deur die raad as sodanig geklassifiseer is, en waarvan die tariewe sodanig bereken is dat minstens die totale koste van die diens van die gebruikers verhaal kan word;

(4) "*gelykbreek*" die punt waar die totale inkomste van verkope gelyk is aan die vaste en veranderlike koste wat met die lewering van ŉ diens geassosieer word;

(5) "*gemeenskapsdienste*" die dienste wat deur die raad as sodanig geklassifiseer is, en waarvan die tariewe sodanig bereken is dat die koste van die dienste nie ten volle verhaal kan word nie en bloot van ŉ regulerende aard is;

(6) "*Geografiese gebiede*" is gebiede wat as sulks deur die raad geïdentifiseer is vanweë diens agterstande, sosiale omstandighede of enige ander soortgelyke redes;

(7) "*handelsdienste*" die dienste wat deur die raad as handelsdienste geklassifiseer is, en waarvan die tariewe sodanig bereken is dat die raad ŉ wins by die lewering van die dienste maak;

(8) "*handelsgebruikers*" sluit in maar is nie beperk nie tot —
sakeondernemings, winkels, kantore, drankwinkels, supermarkte, openbare garages, vergaderplekke, kwekerye, vermaaklikheidsplekke, diensstasies,

haarkappersalonne, banke, hotelle, gastehuise, losieshuise, dokters- en tandartsspreekkamers;

(9) "*huishoudelike gebruikers*" sluit in maar is nie beperk nie tot — woonhuise, groephuise, meenthuise, skakelhuise, woonstelle en ŉ wooneenheid met eie kombuis;

(10) "*hulpbehoewende huishoudings*" huishoudings wat as sulks by die munisipaliteit geregistreer is en wat aan die kwalifikasies soos bepaal in paragraaf 20 van die kredietbeheer en skuldinvorderingsbeleid voldoen en persele binne die regsgebied van die munisipaliteit okkupeer;

(11) "*inwoner*" ŉ persoon wat gewoonlik in die regsgebied van die munisipaliteit woonagtig is;

(12) "*landbou gebruikers*" sluit in maar is nie beperk nie tot — plase, kleinhoewes en landbou skougronde;

(13) "*lewenslyntariewe*" ŉ eenheidstarief wat bereken word deur die totale koste van die diens deur die volume verbruik (eenhede) te deel;

(14) "*liefdadigheids- en welsyninrigtings en organisasies*" sluit in maar is nie beperk nie tot — enige inrigting wat deur ŉ kerkgenootskap of ŉ geregistreerde welsynsorganisasie op ŉ nie-winsbejag grondslag bedryf word soos ouetehuise, pre-primêre skole, versorgingsoorde vir voorskoolse kinders, bejaardesorgfasiliteite, huisvesting en/of versorgingsfasiliteite vir haweloses, kinderhuise;

(15) "*munisipaliteite*" alle eiendomme wat in die naam van die Munisipaliteit Laingsburg geregistreer is of by die munisipaliteit berus, uitgesonderd biblioteke, museums, die aansteeklike siekte hospitaal en woonwaparke;

(16) "*nywerheidsgebruikers*" sluit in maar is nie beperk nie tot — nywerheidsondernemings, fabrieke, pakhuise, werkswinkels, skrootwerwe, store, wynkelders, slagpale, melkverwerkingsaanlegte en vismarkte;

(17) "*opvoedkundige- en gemeenskapsinrigtings*" sluit in maar is nie beperk nie tot — skole, kolleges insluitende pre-primêre skole wat nie deur ŉ geregistreerde liefdadigheids- of welsynsorganisasie bedryf word nie, biblioteke, museums, kerke, hospitale, klinieke, gevangenisse en skoolkoshuise, gemeenskapsale.

(18) "*raadslid vir finansies*" die raadslid van die munisipale raad wat verantwoordelik is vir die finansiële sake van die munisipaliteit;

(19) "*spesiale ooreenkomste*" is spesiale tariefooreenkomste wat met gebruikers aangegaan word wat 'n beduidende ekonomiese bydrae tot die gemeenskap maak en werk skep;

(20) "*sport en ontspanning fasiliteite*" sluit in maar is nie beperk nie tot —
enige eiendom wat hoofsaaklik vir sport en ontspanningsdoeleindes gebruik word met inbegrip van skole sportvelde wat vir doeleindes van water en/of elektrisiteitsvoorsiening, afsonderlik gemeter is, woonwaparke, ens.;

(21) "*totale koste*" die somtotaal van al die vaste en veranderlike koste wat met 'n diens verband hou;

(22) "*twee-deeltariewe*" tariewe wat afsonderlik gehef word om die vaste en veranderlike koste van 'n diens afsonderlik te verhaal, waar die vaste koste bereken word deur die totale bedrag van die vaste koste van die diens deur die totale aantal kliënte te deel, en die veranderlike koste bereken word deur die totale bedrag van die veranderlike koste deur die volume wat verbruik is, te deel;

(23) "*vaste koste*" koste wat nie met verhoogde of verminderde verbruik van volume geproduseer, verander nie;

(24) "*veranderlike koste*" die koste wat met die verhoogde of verminderde verbruik of volume geproduseer, verander;

(25) "*verbruikte eenhede*" die getal eenhede van 'n bepaalde diens wat verbruik is, en wat gemeet word ingevolge die tariefstruktuur wat in artikel 7 beoog word.

(26) "wooneenheid" 'n selfstandige, saamgestelde groep kamers of 'n saamgestelde gebou-konfigurasie-

(a) met nie meer as een kombuis, wat gebruik word vir woonverblyf en behuising van een gesin.

**DOEL VAN HIERDIE VERORDENINGE**

2. Die doel van hierdie verordeninge is:

(1) om aan die bepalings van artikel 75 van die Wet gevolg te gee;

(2) om die prosedure vir die berekening van tariewe voor te skryf waar die munisipaliteit dit wenslik ag om diensverskaffers ingevolge artikel 76(b) van die Wet aan te stel; en

(3) om te dien as riglyn vir die aangewese raadslid in verband met tariefvoorstelle wat jaarliks tydens die begrotingsproses aan die raad voorgelê moet word.

**TARIEFBEGINSELS**

3. Die volgende tariefbeginsels gebaseer op die tariefbeleid uiteengesit in artikel 74(2) van die Wet, is van toepassing op die heffing van fooie vir munisipale dienste:

(1) Beperkte gratis dienste aan verbruikers en finansiële bystand aan hulpbehoewende huishoudings sal oorweeg word, slegs insoverre dit gefinansier kan word uit —

- Finansiële toekennings deur die nasionale regering aan die munisipaliteit vir dié doel, en
- ʼn bewilliging vir dié doel deur die munisipaliteit en word die bedrag van sodanige bewilliging jaarliks deur die raad bepaal tydens die opstel van die raad se begroting.

(2) Alle gebruikers van munisipale dienste sal billik behandel word. Die verskillende kategorieë van gebruikers moet billike tariewe betaal wat op dieselfde kostestruktuur gebaseer is.

(3) Die bedrag wat gebruikers betaal moet in verhouding met hul gebruik van daardie dienste wees.

(4) Geïdentifiseerde hulpbehoewendehuishoudings moet minstens tot basiese dienste toegang hê deur lewenslyntariewe of direkte subsidies.

(5) Tariewe moet die totale koste van die diens weerspieël tensy anders aangedui in die raad se tariefbeleid.

(6) Waar in die raad se tariefbeleid uitdruklik aldus bepaal, sal ʼn gebruiker die keuse hê om ʼn tarief uit ʼn aantal toepaslike tariewe te kies.

(7) Tariewe moet vasgestel word teen vlakke wat die finansiële volhoubaarheid van die diens ondersteun. Volhoubaarheid kan bereik word deur toe te sien dat:

(a) kontant invloei die kontant uitvloei dek. Dit beteken dat voldoende voorsiening vir bedryfskapitaal en slegte skuld gemaak moet word; en

(b) toegang tot die kapitaalmark moet gehandhaaf word. Dit kan bereik word deur voorsiening vir die terugbetaling van lenings te maak, likiditeitsvlakke te handhaaf en winste op handelsdienste te maak.

(8) Voorsiening moet in gepaste omstandighede vir ŉ toeslag op ŉ tarief vir ŉ diens gemaak word. Dit sal nodig wees gedurende ŉ nasionale ramp en in tydperke van droogte wanneer beperkings op gebruik nodig is.

(9) Doeltreffende en effektiewe gebruik van hulpbronne sal aangemoedig word deur boetes om buitensporige gebruik te beperk in te stel.

(10) Die mate van subsidiëring van tariewe sal openbaar gemaak word.

(11) Tariewe is deurgaans BTW uitgesluit. BTW is dus addisionele tot hierdie tariewe waar van toepassing.

**KATEGORIEË VAN GEBRUIKERS**

4. (1) Die munisipaliteit kan van tyd tot tyd gebruikerskategorieë in die tariefbeleid van die raad skep.

(2) Afsonderlike tariewe kan vir die verskillende kategorieë gebruikers ingestel word.

(3) Waar daar ŉ noemenswaardige verskil tussen die infrastruktuur wat gebruik word om ŉ diens aan ŉ bepaalde groep gebruikers binne ŉ kategorie gebruikers te lewer en/of die standaard van die diens is, kan die munisipaliteit, na oorweging van ŉ verslag van die munisipale bestuurder of van die hoof van die departement, onderskei tussen die tariewe wat tussen verskillende gebruikers binne die bepaalde kategorie toegepas word.

(4) Onderskeiding moet gebaseer word op een of meer van die volgende elemente; infrastruktuur kostes, volume verbruik, beskikbaarheid en diensstandaarde.

**DIENSTE-, UITGAWE KLASSIFIKASIES EN KOSTE ELEMENTE**

**Dienste klassifikasies**

5. (1) Onderhewig aan die riglyne van die nasionale tesourie kan die raad bepaalde diens- en kostesentrums skep vir die berekening van tariewe.

***Koste elemente***

(2) Die volgende koste elemente sal gebruik word om tariewe vir die verskillende dienste te bereken:

(i) *Vaste koste* wat bestaan uit die kapitaalonkoste (rente en delging) op eksterne lenings sowel as interne voorskotte en of waardevermindering wat ook al van toepassing is op die diens of enige ander koste van ʼn permanente aard soos deur die raad van tyd tot tyd bepaal.

(ii) *Veranderlike koste*: Dit sluit alle veranderlike koste in verband met die lewering van die diens in.

(iii) *Totale koste* bestaande uit die vaste en veranderlike koste.

**SOORTE TARIEWE**

6. In die vasstelling van ʼn toepaslike tarief tot ʼn diens, sal die munisipaliteit gebruik maak van die volgende vyf moontlikhede of ʼn kombinasie daarvan:

(1) *Enkeltarief*: hierdie tarief sal bestaan uit ʼn koste per eenheid verbruik. Alle koste word verhaal deur ʼn enkel tarief te bereken waar kostes en inkomste gelykbreek. Op aanbeveling van die hoof finansiële beampte kan die raad tydens die begrotingsproses besluit om winste op bepaalde dienste te maak. Sodanige wins sal by die vaste en veranderlike koste van die diens gevoeg word vir die doeleindes van die berekening van die tarief.

(2) *Koste verbandhoudend twee-tot drie deel tarief:* hierdie tarief sal bestaan uit twee tot drie dele. Bestuur, kapitaal, onderhoud en lopende uitgawes sal verhaal word deur bepaalde komponente saam te groepeer. Bestuur-, kapitaal- en onderhoudkoste mag saam gegroepeer en verhaal word deur ʼn vaste tarief onafhanklik van verbruik of klasse van gebruikers terwyl veranderlike koste verhaal kan word deur ʼn eenheidstarief per eenheid verbruik. Die drie-deel tariewe sal slegs gebruik word om tariewe vir elektrisiteit te bereken en om voorsiening te maak vir maksimum aanvraag en verbruik tydens beperkte aanvraag.

(3) *Toenemende blok tarief*: hierdie tarief is gebaseer op verbruiksvlakke wat gekategoriseer word in blokke. Tariewe word bepaal en vermeerder soos wat die verbruik vermeerder. Die tarief sal slegs gebruik word om die buitensporige gebruik van ʼn kommoditeit te beperk. Die eerste stap sal bereken word by die gelykbreekpunt. Opeenvolgende trappe sal bereken word

om ŉ resultaat te lewer wat oormatige gebruik van die kommoditeit sal ontmoedig.

(4) *Afnemende blok tarief*: die tarief is die teenoorgestelde van die toenemende blok tarief en neem af soos wat verbruik toeneem. Die eerste trap sal bereken word deur die vaste en veranderlike koste en wins wat van tyd tot tyd deur die raad bepaal word deur die totale volume gebruik te deel. Die tarief sal slegs gebruik word gedurende spesiale ooreenkomste.

(5) *Regulerende tarief*: hierdie tarief is slegs van ŉ regulerende aard en die munisipaliteit kan die volle of slegs ŉ gedeelte van die kostes verbonde aan die lewering van die diens verhaal.

**TARIEFSTRUKTUUR EN METODES VAN BEREKENINGE**

7. Die volgende tariefstruktuur en metode van berekening sal, waar moontlik, gebruik word om tariewe te bepaal:

***(1) Water***

(a) Tariefstruktuur

(i) Vaste tarief per gebruiker plus ŉ enkel tarief per eenheid verbruik (kiloliters verbruik).

(ii) Enkeltarief per gebruiker.

(b) Metode van berekening:

(i) Die vaste koste van die diens sal bestaan uit die kostes wat as sulks deur die raad aangewys word.

(ii) Die aantal gebruikers sal gebruik word om die vaste komponent van die tarief per gebruiker te bereken.

(iii) Waar die raad ŉ vaste koste per gebruiker verhaal sal die eenheidstarief bereken word deur die veranderlike koste deur die volume verbruik te deel.

(iv) Waar die raad nie ŉ vaste koste per gebruiker verhaal nie sal die eenheidstarief bereken word deur die totale koste deur die volume verbruik te deel.

(v) Waar verbruik nie gemeet word nie sal die gemiddelde verbruik van die area gebruik word om ŉ eenheidstarief te bereken.

(vi) Waar ŉ eiendom nie by die waternetwerk aangesluit is nie en redelikerwys daarby aangesluit kan word sal ŉ beskikbaarheidstarief betaalbaar wees gelyk aan die vaste koste bereken ooreenkomstig die bepalings van artikel 5(2)(a).

(vii) Waar die raad besluit om ŉ wins op die lewering van die diens te maak sal die wins by die vaste en veranderlike koste getel word voordat tariewe bereken word.

***(2) Elektrisiteit***

(a) Tariefstruktuur

(i) kWh — Aktiewe Energie.

(ii) kVA — Maksimumaanvraag (termies of blok) geregistreer oor ŉ halfuur.

(iii) kVarh — Reaktiewe Energie.

(iv) Piek, Standaard en Afpiek tydperke — volgens aankoop tariefstruktuur.

(v) Hoë en lae verbruik seisoene — volgens aankoop tariefstruktuur.

(vi) Toedeling van vakansiedae — volgens aankoop tariefstruktuur.

(b) Metode van berekening:

(i) Die riglyne, en beleid wat deur die nasionale elektrisiteitsreguleerder van tyd tot tyd uitgereik word sal die basis vorm waarvolgens tariewe bereken word.

(ii) Gebaseer op die lasfaktor van die kategorieë en die gebruikers binne die verskillende kategorieë sal kruissubsidiëring tussen en binne kategorieë van gebruikers toegelaat word. Gedeeltes van die vaste koste sal na die energie en tyd-van-gebruik kostes oorgeplaas en deur ŉ sent/kWh heffing verhaal word. Om bostaande beginsel toe te pas sal die kostetoedelings basis, kostegroepering, tariefkomponente en tarieftipes wat in die volgende tabel gereflekteer word gebruik word.

(iii) Die een-deel enkel energie tarief:

| Tariefnaam | Vaste koste Rand/ Gebruiker/ Maand | Aktiewe Energie tariewe Sent/kWh | Seisoen gebonde Tyd van Gebruik Energie tariewe Piek Standaard Afpiek | Kapasiteitstarief Rand/kVA/maand | Reaktiewe energie tarief Sent/kWh |
|---|---|---|---|---|---|
| Een deel | | X | | | |
| Een deel blok 1<br>Blok blok 2 | | X<br>X | | | |
| Twee deel | X | X | | | |
| Drie deel | X | X | | X | |
| Drie deel tyd van gebruik<br>Piek<br>Hoë seisoen Standaard<br>Afpiek<br><br>Piek<br>Lae seisoen Standaard<br>Afpiek | X | | X<br>X<br>X<br><br>X<br>X<br>X | | X |
| Vier deel tyd van gebruik<br>Piek<br>Hoë seisoen Standaard<br>Afpiek<br><br>Piek<br>Lae seisoen Standaard<br>Afpiek | X | | X<br>X<br>X<br><br>X<br>X<br>X | X | X |

Alle kostes wat aan ŉ gebruikerskategorie toegedeel word, wat normaalweg van ŉ een-deel-enkel-energie-tarief gebruik maak, word in ŉ sent/kWh tarief uitgedruk. Die voorgestelde metodiek om kostes na die tarief toe te deel is soos volg:

- Die maksimum aanvraagkoste (rand/kVA/maand) van alle gebruikers wat normaalweg van enkeltariewe gebruik maak, word bereken deur die gemiddelde lasfaktor van die tipe gebruikers in aanmerking te neem en word by die veranderlike kostes getel.

- Die vaste koste (rand/gebruiker/maand) en aankoopskostes (kWh) word ook by die veranderlike koste getel.

- Die totale koste (aanvraag, vaste en aankoopskoste) wat aan een-deel-enkel-energie-tarief gebruikers toegedeel word moet verhaal word by ŉ

gelykbreekpunt wat vergelykbaar is met die riglyne van die nasionale elektrisiteitsreguleerder.

- Die totale kostes sal uitgedruk word in ŉ sent/kWh tarief.

(iv) Die twee-deel tarief:

- ŉ Gedeelte van die vaste koste wat gelykstaande is aan die bedryfs- en administratiewe kostes van die elektrisiteitsdepartement word deur ŉ rand/gebruiker/maand heffing verhaal.
- Die oorblywende gedeelte van die vaste kostes word by die veranderlike kostes getel en deur middel van ŉ eenheidstarief (sent/kWh heffing) verhaal.
- Die tarief sal gevolglik bestaan uit ŉ vaste maandelikse heffing plus ŉ veranderlike heffing wat verband hou met die gemeterde kWh verbruik.

(v) Die drie-deel tarief:

- ŉ Gedeelte van die vaste koste soos beskrywe in gedeelte 2(b)(iv) word deur middle van ŉ rand/gebruiker/maand heffing verhaal.
- Die oorblywende gedeelte van die vaste koste word deur middle van die eenheidstarief (sent/kWh heffing) en maksimum aanvraag heffing (rand/kVA/maand) verhaal.
- Die maksimum aanvraagskoste (rand/kVA/koste) word deur die kapasiteitstarief verhaal waar van toepassing.
- Die sent/kWh heffing verhaal gevolglik die volle veranderlike kostes en gedeeltes van die hertoegewysde vaste en aanvraagkostes (rand/gebruiker/maand en rand/kVA kostes) waar van toepassing.

(vi) Tyd-van-gebruik tarief:

- Soos met die standaard drie-deel tarief word ŉ gedeelte van die rand/kVA/maand heffing hertoegewys na die verskillende tyd-van-gebruik sent/kWh heffing waar van toepassing. Die bedrag van die hertoegewysde koste moet in verhouding tot die lasfaktor van die

gebruiker wees. Dit is noodsaaklik om die tydafwyking van die kapasiteitskoste tydens die hertoewysing van die rand/kVA heffing na die verskillende tyd-van-gebruik sent/kVA heffing in aanmerking te neem.

- Die sent/kWh heffing verhaal gevolglik die volle veranderlike kostes en ŉ gedeelte van die hertoegedeelde rand/kVA heffing waar van toepassing.
- Die rand/gebruiker/maand heffing word nie hertoegewys nie.

(vii) Waar die raad besluit om ŉ wins op die lewering van die diens te maak sal die wins by die vaste en veranderlike koste getel word voordat tariewe bereken word.

(viii) Waar ŉ eiendom nie by die elektrisiteitsnetwerk aangesluit is nie en redelikerwys daarby aangesluit kan word sal ŉ beskikbaarheidstarief betaalbaar wees gelyk aan die vaste koste bereken ooreenkomstig die bepalings van artikel 5(2)(a).

(ix) Die struktuur van die tyd-van-gebruik tarief sal ooreenkomstig die aankoopstruktuur bepaal word.

(x) Die tyd-van-gebruik tarief sal slegs aangebied word in areas waar soortgelyke tariewe op die munisipaliteit van toepassing gemaak word.

***(3) Vullisverwydering***

(a) Tariefstruktuur

(i) Plastiek sakke verwyder (volume).

(ii) Houers verwyder (volume).

(b) Metode van berekening

(i) Die koste per meeteenheid sal bepaal word deur die totale koste van die diens te deel deur die totale volume vullisstorting per jaar. Die totale koste van die diens sluit die koste verbonde aan die verwyderingsdiens plus die koste verbonde aan die bedryf van die stortingsterrein in. Die eenheidskoste per kubieke meter sal herlei word tot ŉ koste per swart sak. ŉ Koste per maand vir ŉ gemiddelde aantal sakke wat per week verwyder word sal vir huishoudelike verbruikers bereken word.

(ii) Die koste verbonde aan die verwydering van die verskillende tipe houers sal bepaal word deur vas te stel hoeveel eenhede van die kleinste meeteenheid in ŉ bepaalde houer geabsorbeer kan word.

(iii) ŉ Maandelikse huurtarief vir die gebruik van ŉ massahouer sal bepaal word deur die koste verbonde aan die aanskaffing van ŉ massahouer te verdiskonteer oor 10 jaar teen die rentekoers waarteen die raad ŉ lening kan opneem.

(iv) Nadat die raad met eienaars of okkupeerders van handels- en nywerheidsondernemings, wat nie van standaard swartsakke of massahouers gebruik maak nie, gekonsulteer het sal die raad ŉ tarief wat gebaseer is op die geskatte volume wat per maand verwyder moet word, vasstel.

(v) Geleentheidstariewe vir eenmalige verwyderings sal bereken word deur die koste verbonde aan die verwydering plus ŉ toeslag van 20% te verhaal.

(vi) Privaat stortings by die vullisterrein sal toegelaat word by betaling van ŉ tarief wat gebaseer is op die geskatte volume van die storting.

(vii) ŉ Vullisverwyderingstarief sal gehef word en betaalbaar wees deur die eienaar of okkupeerder van elke beboude perseel; wat by die water en/of elektrisiteitsverspreidingsnetwerke van die raad of enige ander diensverskaffer aangesluit is of wat aansoek doen om daarby aangesluit te word hetsy sodanige eienaar of okkupeerder gebruik maak van die vullisverwyderingsdiens al dan nie of wat nie by die genoemde verspreidingsnetwerke aangesluit is nie maar aan wie ŉ vullisverwyderingsdiens op aanvraag gelewer word.

(viii) Geen vullisverwyderingstariewe sal gehef word in gebiede waar die raad nog nie ŉ vullisverwyderingsdiens ingestel het nie.

***(4) Riolering/Rioolpompings***

(a) Tariefstruktuur

(i) Formule gebaseerde vloeitarief vir godsdienstige-, opvoedkundige en regerings instansies en kommersiële verbruikers.

(ii) Formule gebaseerde vloeitarief vir residensiële verbruikers.

(b) Metode van berekening

(i) Waar ŉ eiendom nie by die rioolnetwerk aangesluit is nie en redelikerwys daarby aangesluit kan word sal ŉ beskikbaarheidstarief betaalbaar wees. Die tarief sal gelykstaande wees aan die eenheidstarief wat op huishoudelike gebruikers van toepassing is.

(ii) ŉ Eenheidstarief per gebruiker sal gehef word. Die tarief sal bereken word deur die totale koste deur die totale aantal persele wat by die rioolnetwerk aangesluit is, te deel. Waar meer as een wooneenheid, soos gedefinieer in die raad se soneringskema regulasies, op ŉ perseel geleë is (soos ŉ skakelhuis of ŉ blok woonstelle), sal elke sodanige wooneenheid vir doeleindes van hierdie paragraaf, geag word ŉ afsonderlike perseel te wees.

***(5) Gemeenskaps- en gesubsidieerde dienste***

(a) Tariefstruktuur

(i) Die tariefstrukture soos uiteengesit in die tariefbeleid sal gebruik word vir die vasstelling van regulerende gemeenskap en gesubsidieerde dienste.

(b) Metode van berekening

(i) Die tariewe sal jaarliks tydens die begrotingsvergadering aangepas word deur die tarief wat gedurende die vorige finansiële jaar van toepassing was met ŉ aantal persentasie punte aan te pas.

(ii) Tariewe wat van gebied tot gebied verskil kan deur die raad aanvaar word maar moet binne vier jaar na aanvaarding van die beleid gelyk gestel word.

**VASSTELLING, KENNISGEWING VAN TARIEWE, FOOIE EN HEFFINGS**

8. (1) Die Raad mag —

(a) deur middle van ŉ resolusie, wat deur die meerderheid van die raadslede ondersteun word, tariewe, fooie en heffings (hieronder kostes genome), met betrekking tot enige funksie of diens wat deur die munisipaliteit gelewer word, hef en invorder;

(b) van tyd tot tyd deur middel van 'n raadsbesluit sodanige kostes verander of intrek en 'n datum vasstel waarop sodanige vasstelling, wysiging of intrekking in werking sal tree; en

(c) enige kostes, wat sodanige vasgestel of gewysig is, insluitende rente op enige uitstaande bedrae, verhaal.

(2) Nadat 'n resolusie soos beskrywe in paragraaf 8(1)(b) aangeneem is laat die hoof uitvoerende beampte van die munisipaliteit onverwyld 'n kennisgewing ooglopend vertoon, op 'n plek wat vir die doel ingerig is, by die munisipale kantore sowel as op ander plekke binne die regsgebied van die munisipaliteit wat die hoof uitvoerende beampte bepaal waarin —

(a) die algemene strekking van sodanige resolusie uiteengesit word;

(b) die datum vermeld word waarop die vasstelling of wysigings in werking tree; en

(c) die datum vermeld waarop die kennisgewing vir die eerste keer vertoon is.

(3) Die kennisgewing soos verwys in paragraaf 8(2) moet onverwyld in die plaaslike pers geadverteer word.

**INFASERING VAN TARIEWE, FOOIE EN HEFFINGS**

9. (1) Die raad moet jaarliks die metode waarby tariewe, fooie en heffings vasgestel word oorweeg en by wyse van 'n raadsbesluit die tariefbeleid van die raad aanpas.

(2) Waar die nuut berekende tariewe, fooie en heffings substansieel van die huidige tariewe verskil kan die raad besluit om die verskille oor 'n periode van tyd in te faseer.

(3) Tariewe wat van gebied tot gebied verskil kan deur die raad aanvaar word maar moet binne vier jaar na aanvaarding van die beleid gelyk gestel word.

**DATUM VAN INWERKINGTREDING**

10. (1) Behoudens die bepalings van artikel 10(2), tree hierdie verordening in werking op datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

**REGSKONFLIK**

11. (1) By die uitleg van enige bepaling van hierdie verordeninge, word enige uitleg wat redelik en bestaanbaar is met die doelwitte van die Wet soos uiteengesit in Artikel 8, Deel 1, oor Dienstariewe, verkies bo enige alternatiewe uitleg wat met daardie doelwitte onbestaanbaar is.

(2) Indien daar enige konflik tussen hierdie verordeninge en enige ander verordeninge van die raad betreffende tariewe is, sal hierdie verordeninge die deurslag gee.

**KORTTITEL**

12. Hierdie verordeninge heet die Tarief Verordeninge van die Laingsburg Munisipaliteit.

Raadsbesluit Datum:……………………………..

Handtekening: Munisipale Bestuurder Burgermeester

…………………………………….. ……………………..

# WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE
# HOOFSTUK 1 : ALGEMENE BEPALINGS

*Woordomskrywings*

**1.** In hierdie verordening sluit woorde wat in die manlike geslag gebruik word die vroulike geslag in, sluit enkelvoudige woorde die meervoud daarvan in en andersom, geld die Afrikaanse teks in die geval van ’n teenstrydigheid en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken –

**“behoorlik gekwalifiseerde toetser”** ’n persoon wat monsters vir ontleding uit die rioolvuil-, stormwaterwegdoenstelsels en openbare water haal en wat sertifisering vir sodanige werksaamheid van ’n gevolmagtigde het;

**“besoedeling”** die inbring van enige stof in die watervoorsieningstelsel, ’n waterinstallasie of ’n waterbron wat regstreeks of onregstreeks die fisieke, chemiese of biologiese eienskappe van die water daarin aangetref, sodanig kan verander dat dit –

minder geskik is vir die doel waarvoor dit redelikerwys verwag is om voor gebruik te word; of skadelik of potensieel skadelik is–
vir die welsyn, gesondheid of veiligheid van mense;
vir enige waterlewende of ander organisme;

**“beste uitvoerbare omgewingsopsie”** die opsie wat op die lang- sowel as die korttermyn en teen koste wat vir die samelewing aanvaarbaar is, die grootste voordeel vir of die minste skade aan die omgewing as ’n geheel inhou;

**“Bouregulasies”** die Nasionale Bouregulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet Nr. 103 van 1977);

| | |
|---|---|
| **"eienaar"** | (a) die persoon in wie die eiendomsreg ten opsigte van die perseel van tyd tot tyd setel;<br>(b) in 'n geval waar die eiendomsreg in 'n persoon setel wat insolvent of oorlede is, of wat hoegenaamd onder enige aard van regsonbevoegdheid verkeer, die persoon by wie die bevoegdheid as kurator, trustee, eksekuteur, administreerder, geregtelike bestuurder, likwidateur of ander regsverteenwoordiger vir die administrasie en beheer van die perseel berus;<br>(c) in enige geval waar die munisipaliteit nie in staat is om die identiteit van so 'n persoon vas te stel nie, 'n persoon wat op die voordeel van die gebruik van sodanige perseel, of 'n gebou of geboue daarop, geregtig is;<br>(d) in die geval van 'n perseel waarvoor 'n huurooreenkoms van 30 jaar of langer gesluit is, die huurder daarvan;<br>met betrekking tot –<br>'n stuk grond afgebaken op 'n deelplan wat ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet Nr. 95 van 1986) geregistreer is, die ontwikkelaar of die regspersoon ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom, of<br>'n gedeelte soos omskryf in die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet Nr. 95 van 1986), die persoon in wie se naam sodanige gedeelte ingevolge 'n deeltitelakte geregistreer is, en sluit dit die regmatig aangestelde verteen-woordiger van sodanige persoon in; |
| **"eiendom"** | sluit in grond, erf, perseel, gebou of gedeelte daarvan; |

| | |
|---|---|
| **“eindpunt-watertoebehoorsels”** | watertoebehoorsels by ŉ uitloop van ŉ waterinstallasie wat die loslaat van water uit ŉ waterinstallasie beheer; |
| **“gemeenskapswaterdienstewerk”** | ŉ verbruikersverbinding waardeur waterdienste aan meer as een persoon verskaf word; |
| **"gemeterde aansluiting"** | 'n wateraansluiting waarvan die hoeveelheid water wat daardeur vloei gemeet word of gemeet kan word; |
| **"geneeskundige gesondheidsbeamptes”** | die persoon wat deur die raad in hierdie hoedanigheid aangestel is of wat in die pos waarneem of deur die raad gemagtig is om namens hom op te tree; |
| **“gevolmagtigde”** | ŉ persoon deur die munisipaliteit gemagtig om enige handeling, werksaamheid of plig uit te voer ingevolge, of enige bevoegdheid te verrig kragtens, hierdie verordening; |
| **“goedgekeurde”** | goedgekeur deur die munisipaliteit; |
| **“handelsperseel”** | ŉ perseel waarop nywerheids-uitvloeisel gegenereer word; |
| **“hoë konsentrasie rioolvuil”** | rioolvuil met ŉ konsentrasie of gehalte wat hoër is as standaard huishoudelike uitvloeisel; |
| **“hoof-finansiële beampte”** | die persoon wat deur die raad in hierdie hoedanigheid aangestel is of wat in die pos waarneem of deur die raad gemagtig is om namens hom op te tree; |
| **"hoofwatergeleiding"** | enige pyp, akwaduk of ander werk onder die uitsluitlike beheer van die raad en wat deur die raad gebruik word vir die doel om water na verbruikers te vervoer, maar sluit geen aansluiting in soos hierin omskryf nie; |

| | |
|---|---|
| **"identiteitsdokument"** | die dokument waarna in die Wet op Identifikasie, 1997 (Wet 68 van 1997) verwys word; |
| **"inspekteur of gemagtigde amptenaar"** | die stadsingenieur, hoof : finansiële beampte, gesondheidsbeampte of enige persoon wat in verband met die toepassing of uitvoering van hierdie verordening deur die raad aangestel is of enige persoon wat deur genoemde beamptes in terme van die raad se delegasies gemagtig is om namens hulle op te tree; |
| **"installasiewerk"** | werk ten opsigte van die konstruksie van of uitgevoer in 'n waterinstallasie; |
| **"kalendermaand"** | enige maand ongeag die aantal dae waaruit dit bestaan wat begin onmiddellik na 12 uur middernag van die laaste dag van die voorafgaande maand tot 12 uur middernag van die laaste dag van die betrokke maand; |
| **"meetmiddel"** | enige metode, prosedure, proses, instrument, apparaat of installasie wat die kwantifisering van gelewerde waterdienste moontlik maak en sluit dit 'n metode, prosedure of proses in waarvolgens hoeveelheid geskat of vermoed word; |
| **"meter"** | 'n watermeter soos omskryf in die Regulasies uitgereik ingevolge die Wet op Handelsmetologie, 1973 (Wet Nr 77 van 1973), of, in die geval van watermeters meer as 100mm in gootte, 'n toestel wat die hoeveelheid water wat deur dit loop, meet; |
| **"munisipaliteit"** | die munisipaliteit van Laingsburg gestig in terme van Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, Provinsiale Kennisgewing 487 gedateer 22 September 2000 en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening |

| | |
|---|---|
| | uit hoofde van ’n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer; |
| **"munisipale bestuurder"** | hierdie persoon wat deur die raad in die hoedanigheid aangestel is of wat in die pos waarneem of deur die raad gemagtig is om namens hom op te tree; |
| **"munisipale watergeleiding of watertoevoer”** | enige pyp, meter, afsluitkraan of enige apparaat of toerusting wat die eiendom is van of onder direkte beheer van die raad staan en wat gebruik word of gebruik kan word om water aan 'n verbruiker te verskaf; |
| **“natbedryf”** | ’n bedyf wat bedryfsuitvloeisel loslaat; |
| **“noodgeval”** | enige situasie wat ’n risiko of potensiële risiko vir lewe, gesondheid, die omge- wing of eiendom inhou; |
| **“nywerheidsuitvloeisel”** | uitvloeisel wat uit die nywerheidsgebruik van water vooruitspruit, wat vir doeleindes van hierdie verordening alle uitvloeisels, met uitsondering van standaard huishoudelike uitvloeisel en stormwater, insluit |
| **“okkupeerder”** | ’n persoon wat enige perseel of gedeelte daarvan okkupeer, sonder inagneming van die reg ingevolge waarvan hy of sy die perseel okkupeer; |
| **“omgewingskoste”** | die volle omvang van die nodige koste om die omgewing te herstel na dieselfde toestand waarin dit voor die skadelike voorval was; |
| **"ooreenkoms/kontrak"** | 'n dokument wat deur die verbruiker voltooi en onderteken moet word in 'n vorm soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal; |
| **“openbare kennisgewing”** | kennisgewing aan die publiek op ’n wyse soos deur die raad bepaal; |

**"openbare water"** enige rivier, waterloop, baai, riviermonding, die see en enige ander water ten opsigte waarvan die publiek 'n gebruiksreg of 'n toegansreg geniet;

**"perseel"** enige stuk grond waarop die buitenste oppervlakgrense aangedui is op –

'n algemene plan of diagram wat ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet Nr 9 van 1927) of die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet Nr 47 van 1937) geregistreer is; of

'n deelplan geregistreer ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet Nr 95 van 1986);

'n register wat deur 'n stamowerheid gehou word;

**"perseelrioleringsinstallasie"** 'n stelsel op enige terrein geleë waarvan die eiendom in die terreineienaar setel en wat gebruik word of beoog is om gebruik staan te word vir of in verband met die opvang, opgaring, behandeling of vervoer van rioolvuil op daardie terrein na die verbindingspunt, en sluit dit perseelriole, bybehoorsels, toestelle, septiese tenks, riooltenks, putlatrines en private pompinstallasies in wat deel uitmaak van of bykomstig is tot sodanige stelsel;

**"perseelrioleringswerk"** die insluiting van enige perseelriool, sanitêre toestel, watervoorsienings-apparaat, vuilwater- of ander pyp of enige werk wat in verband staan met die loslaat van vloeistof of vaste stof in enige perseelriool of riool of wat andersins in verband staan met die riolering van enige terrein;

**"perseelriool"** daardie gedeelte van die perseel-rioleringsinstallasie wat rioolvuil op enige terrein vervoer;

**"persoon"** 'n natuurlike persoon, plaaslike regeringsliggaam of soortgelyke

| | |
|---|---|
| | owerheid, ŉ maatskappy wat ingevolge enige wet ingelyf is, ŉ groep persone, afgesien daarvan of hulle ingelyf is of nie, ŉ statutêre liggaam, openbare nutsliggaam of ŉ vrywillige vereniging of trust; |
| **"privaat waterdistribusiestelsel"** | enige waterpypleiding op enige eiendom of in enige privaatgebou wat nie die eiendom van die raad is nie of nie onder beheer van die raad val nie, maar waarin water-,vloei of kan vloei wat deur die raad verskaf is; |
| **"raad"** | die Laingsburg Munisipaliteit; |
| **"riool"** | enige pyp of leipyp wat die eindom is van of setel in die munisipalitiet of sy gevolmagtigde en wat gebruik kan word vir die vervoer van riool vanaf die verbindingsriool, met uitsluiting van ŉ perseelriool, soos omskryf; |
| **"rioolvuil"** | enige vuilwaterafvoer, nywerheidsuitvloeisel, standaard huishoudelike uitvloeisel, en ander vloeibare afval, hetsy afsonderlik, hetsy gesamentlik, maar met uitsluiting van stormwater; |
| **"rioolvuilwegdoenstelsel"** | die strukture, pype, kleppe, pompe, meters of ander toebehoorsels wat in die vervoer van riool deur die rioolnetstelsel gebruik word en behandeling by die verwerkingsaanleg onder beheer van die munisipaliteit en wat ook deur die munisipaliteit in verband met die wegdoen van rioolvuil gebruik kan word; |
| **"sanitêre dienste"** | dieselfde as wat ingevolge die Wet daaraan geheg word en sluit dit vir doeleindes van hierdie verordening water vir nywerheidsdoeleindes en die wegdoen van nywerheidsafvloeisel in; |
| **"stadsingenieur"** | die persoon wat deur die raad in hierdie hoedanigheid aangestel is of |

| | |
|---|---|
| | wat in die pos waarneem of deur die raad gemagtig is om namens hom op te tree; |
| **"standaard huishoudelike uitvloeisel"** | huishoudelike uitvloeisel met voorgeskrewe konsentrasie-eienskappe ten opsigte van chemiese suurstofvereistes en afsakbare vaste stowwe as synde geskik vir die loslaat van rioolvuil vanaf huishoudelike persele binne die gebied van jurisdiksie van die munisipaliteit, maar met uitsluiting van nywerheidsuitvloeisel; |
| **"stormwater"** | water wat die gevolg van natuurlike neerslag of versameling is, met insluiting van reënwater, ondergrondwater of fonteinwater; |
| **"uitvloeisel"** | enige vloeistof, hetsy dit opgeloste stowwe of stowwe in suspensie bevat; |
| **"verbindingspunt"** | die punt waar die perseel-riolerings-installasie en die verbindings-riool by mekaar aansluit; |
| **"verbindingspyp"** | ŉ pyp waarvan die eiendom in die munisipaliteit setel en wat deur die munisipaliteit geïnstalleer is met die doel om water vanaf ŉ hooftoevoer na ŉ waterinstallasie te voer en sluit dit ŉ "kommunikasiepyp" waarna in SABS 0252 Deel 1 verwys word in; |
| **"verbindingsriool"** | ŉ pyp wat deur die munisipaliteit besit en geïnstalleer is met die doel om rioolvuil vanaf ŉ perseelriolerings-installasie op ŉ perseel weg te voer na ŉ perseelriool buite die grense van daardie perseel of binne ŉ serwituutsgebied of binne ŉ gebied wat aan ŉ toegangsverlof of ŉ ooreenkoms onderhewig is; |
| **"verbruiker"** | (a) enige okkupeerder van enige perseel waartoe of waarop die munisipaliteit onderneem het om waterdienste te verskaf, of reeds verskaf, of, waar daar |

geen okkupeerder is nie, enige persoon met wie die munisipaliteit ŉ tans-geldende ooreenkoms aangegaan het vir die voorsiening van waterdienste na of op sodanige perseel, of, indien daar geen sodanige persoon is nie, die eienaar van die perseel; met dien verstande, waar waterdienste deur middel van ŉ enkelverbinding aan ŉ aantal okkupeerders voorsien word, dan die okkupeerder of persoon waarmee die munisipaliteit ooreengekom het om waterdienste te verskaf; of

(b) ŉ persoon wat toegang tot waterdienste verkry wat deur middel van ŉ gemeenskapswaterdienstewerk voorsien word;

**“verbruiksmaand”** die tydperk tussen twee datums waarop `n meter gelees word met ŉ maksimum van twaalf lesings per kalenderjaar;

**“vloedhoogterand (1 in 50 jaar)”** daardie hoogte wat deur vloedwater weens ŉ storm met ŉ frekwensie van 1 in 50 jaar bereik is;

**“vloedvlakte” (1 in 50 jaar)”** die area onderhewig aan oorstroming deur vloedwater weens ŉ storm met ŉ frekwensie van 1 in 50 jaar;

**“voorgeskrewe tarief of heffing”** ŉ heffing deur die munisipaliteit voorgeskryf;

**“wateraansluiting”** ŉ pyp wat van ŉ hoofwatergeleiding na die eiendom van ŉ eienaar of verbruiker tot by die uitlaat van die meter gelê is insluitende alle toebehore en meters; en

| | |
|---|---|
| **"waterdienste"** | dieselfde as die betekenis ingevolge die Wet en sluit dit vir doeleindes van hierdie verordening water vir nywerheidsdoeleindes en die wegdoen van nywerheidsuitvloeisel in; |
| **"waterleweringstelsel vir 'n vasgestelde hoeveelheid"** | 'n waterinstallasie wat 'n vasgestelde hoeveelheid water op enige enkele dag aan 'n verbruiker verskaf; |
| **"watertoebehoorsel"** | 'n onderdeel van 'n waterinstallasie, met uitsluiting van 'n pyp, waardeur water beweeg of waarin dit geberg word; |
| **"watervoorsieningsdienste"** | dieselfde as die betekenis ingevolge die Wet en sluit dit vir doeleindes van hierdie verordening water vir nywerheidsdoeleindes en die wegdoen van nywerheidsafvloeisel in; |
| **"watervoorsieningstelsel"** | die strukture, brugkanale, pype, kleppe, pompe, meters of ander bybehoorsels wat daarmee in verband staan, wat in die munisipaliteit setel en deur die munisipaliteit gebruik word of bedoel is om gebruik te word in verband met die voorsiening van water, en sluit dit enige gedeelte van die stelsel in; |
| **"werkdag"** | 'n dag uitgesonderd 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag; |
| **"Wet"** | die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet Nr 108 van 1997), soos van tyd tot tyd gewysig; en |
| **"wooneenheid"** | met betrekking tot enige perseel, 'n gebou of gedeelte van 'n gebou, bewoon of gebruik of bedoel vir die bewoning of gebruik vir enige doeleinde. |

Enige woord wat in hierdie verordening gebruik word en waaraan 'n betekenis geheg is in –

(a) die Wet, sal daardie betekenis hê; en
(b) die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet Nr. 103 van 1977), die Bouregulasies

sal ten opsigte van Hoofstuk 3 daardie betekenis hê, tensy dit uit die samehang daarvan anders dui.

Enige verwysing na waterdienste of dienste in Hoofstuk 1 van hierdie verordening, moet uitgelê word as verwysend na watervoorsieningsdienste of sanitêre dienste, afhangende van die dienste waarop dit van toepassing is.

## HOOFSTUK 2 : WATERVOORSIENING

*Aanvraag vir water*

**2.** Enige eienaar of verbruiker wat verlang om deur die raad van water voorsien te word doen daarvoor aansoek by die raad op die voorgeskrewe vorm wat by die hoof-finansiële beampte se kantoor verkrygbaar is, ooreenkomstig die bepalings van enige wette, verordeninge, tariefskedules en voorwaardes wat in hierdie verordeninge vervat is, soos van tyd tot tyd deur die raad goedgekeur.

Die doel waarvoor die voorsiening aangevra is mag nie verander word alvorens die hoof-finansiële beampte skriftelik daarvan in kennis gestel is nie.

Die applikant moet by ondertekening van die ooreenkoms sy identiteitsdokument voorlê. Indien die applikant nie ʼn Suid-Afrikaanse burger is nie, moet ʼn geldige paspoort voorgelê word.

Nadat die gemagtigde amptenaar ingestem het om water te voorsien, moet 'n ooreenkoms deur die applikant onderteken word. Geen water word voorsien voordat hierdie ooreenkoms onderteken is en die deposito, waarna in artikel 19 van hierdie verordening verwys word, betaal is nie.

Niemand mag water neem of van water voorsien word uit die watertoevoerstelsel van die raad, tensy die voorgeskrewe aansoek by die raad voltooi en toegestaan is nie.

Indien water vir boudoeleindes benodig word, kleinere veranderinge of byvoegings tot bestaande geboue uitgesluit, moet aansoek vir ʼn afsonderlike aansluiting vir elke eiendom teen betaling van die voorgeskrewe gelde gedoen word.

Niemand mag enige water wegneem of veroorsaak of toelaat dat dit weggeneem word van sy perseel of eiendom vir gebruik elders, behalwe met die voorafverkreë toestemming van die stadsingenieur, nie.

Die raad het die reg om van 'n eienaar of verbruiker te vereis om bykomstige meters te installeer ten einde verbruike vir verskillende doeleindes of van verskillende verbruikers, te meet.

Slegs natuurlike persone bo die ouderdom van 21 jaar en/of wat handelingsbevoeg is, mag ŉ ooreenkoms met die raad aangaan.

Insolvente en ander persone wat nie handelingsbevoeg is nie, kan slegs met die toestemming en bystand van sy/haar kurator of wettige voog ŉ ooreenkoms aangaan, mits sodanige kurator of wettige voog onderneem om die volle rekening te betaal in geval van wanbetaling.

Indien die eienaar/verbruiker nie ŉ natuurlike persoon is nie, moet ŉ magtiging om die ooreenkoms aan te gaan, voorgelê word.

ŉ Identiteitsdokument moet persoonlik by ondertekening van die ooreenkoms voorgelê word.

Dit word nie van partye wat binne gemeenskap van goedere getroud is, vereis dat albei partye die ooreenkoms onderteken nie, maar albei partye word afsonderlik en gesamentlik aanspreeklik vir die betaling van rekening gehou.

*Verskaffing van water*

**3.** Nadat aan die bepalings van hierdie verordening voldoen is, voorsien die raad - 'n aansluiting.

Die plasing van die aansluiting word deur die stadsingenieur bepaal. Die raad is by magte om die grootte van enige aansluiting te bepaal of te beperk.

Alle toebehore van 'n privaat distribusiestelsel word deur en op koste van die eienaar of verbruiker verskaf, aangelê en in goeie orde gehou.

Die geheel van die munisipale distribusiestelsel wat nie deel van 'n privaat waterdistribusiestelsel vorm nie, word op koste van die raad aangelê- en in stand gehou.

Indien die ooreenkoms waarna in artikel 2(4) verwys word beëindig word, mag die raad die toevoer afsluit en die betrokke meter verwyder.

*Raad nie verplig om aansluiting te gee*

**4.** Die raad is nie verplig om 'n aansluiting te gee of vir 'n toevoer van water na 'n eiendom te sorg binne 'n bepaalde tydperk nadat 'n aansoek om voorsiening by die hoof-finansiële beampte ingedien is nie.

Die volgorde waarin aansluitings gemaak word, word uitsluitlik deur die stadsingenieur bepaal.

*Aansluiting vir bou-doeleindes*

**5.** Voordat 'n aansluiting vir boudoeleindes gemaak word, moet die applikant die koste vir die verskaffing en installering soos deur die raad by spesiale besluit bepaal, betaal.

Betaling word slegs aanvaar op voorlegging van 'n sertifikaat van die mediese gesondheidsbeampte dat aan sy vereistes in verband met die voorsiening van sanitêre geriewe op die bouperseel voldoen is.

Indien die stadsingenieur dit goedkeur, kan dieselfde aansluiting, wat ingevolge hierdie verordening verskaf word vir die permanente voorsiening van die eiendom gebruik word, maar geen verbinding ten opsigte van so 'n permanente voorsiening mag aangebring word alvorens die prosedure voorgeskryf in artikel 2 nie nagekom is nie.

*Wateraansluitings slegs deur raad se amptenare*

**6.** Slegs 'n gemagtigde amptenaar van die raad of 'n kontrakteur wat vooraf deur die stadsingenieur goegekeur is, mag 'n aansluiting aan 'n hoofwatergeleiding maak.

*Verpligte munisipale watertoevoer binne die munisipaliteit*

**7.** Onderworpe aan hierdie verordening, moet elke eienaar van 'n eiendom wat tydelik of permanent beset word, 'n toevoer vir menslike gebruik van die raad verkry, mits die raad instem om 'n toevoer te verskaf.

*Waterverbinding met ander waterbronne*

**8.** Niemand mag enige verbinding tussen enige geleiding waarin munisipale water vloei of kan vloei en enige privaat put, boorgat, fontein of enige ander bron van voorsiening maak of toelaat dat dit gemaak word of bestaan nie.

Niemand mag toelaat dat enige reënwater of stormwater in aanraking kom of meng met enige opgaartenk, bak, houer of watergeleiding wat gebruik word of kan word vir water wat deur die raad voorsien word nie.

*Privaat verbindings*

**9.** Geen eiendom mag met die privaat distribusiestelsel van 'n ander eiendom verbind word nie.

*Afsonderlike bewoning*

**10.1** Indien gedeeltes van 'n eiendom afsonderlik bewoon word, geskied die verskaffing van water aan die eiendom of gedeeltes daarvan onderworpe aan die volgende bepalings:

**10.2** Indien die eienaar van ’n groep of blokgeboue onderneem om vir die water wat verskaf word te betaal, het die stadsingenieur die bevoegdheid om toe te laat dat aan die groep of blokgeboue water deur middel van een aansluiting verskaf word.

(3) Wanneer meer as een gebou of gedeelte van 'n gebou uit een aansluiting bedien word, moet 'n afsluitkraan na elke gebou of gedeelte van 'n gebou, deur die eienaar aangebring word sodat die toevoer na so 'n gebou of gedeelte van 'n gebou afgesluit kan word sonder om die toevoer na die ander verbruikerspunte te onderbreek. Die afsluitkraan voor die meter behoort aan die Raad en is buite perke vir die eienaar/publiek.

*Slegs een wateraansluiting per eiendom*

**11.** Eiendomme wat nie deur die bepalings van artikel 10 van hierdie verordening gedek word nie, is nie geregtig om toevoer deur middel van meer as een aansluiting te kry nie; met dien verstande dat die stadsingenieur dit mag toelaat wanneer dit vir hom blyk dat ontbering of ernstige ongerief of ander soortgelyke omstandighede andersins kan ontstaan.

*Enkel aansluitings - bestaande eiendomme*

**12.** In die gevalle waar bestaande eiendomme deur middel van 'n enkele aansluiting van water voorsien word en dit nodig word om binne die geboue of grense van die eiendomme 'n verwydering, verandering of verlenging van die gemeenskaplike pyplyn aan te bring of as daar 'n verwisseling van eienaars plaasvind van 'n gebou wat voorheen as ’n gedeelte van ’n blok of ry geboue wat aan een eienaar behoort het, moet elke eienaar wat deur die verwisseling geraak word by die raad aansoek om ’n afsonderlike aansluiting doen.

*Verpligte gebruik van watermeter*

**13.** Alle water wat deur die raad verskaf word, moet deur ’n munisipale meter vloei.

*Watermeters en toebehore deur raad verskaf*

**14.** Alle meters, krane, meterkaste, pype en ander toebehore wat ingevolge hierdie verordening deur die raad voorsien of aangebring is, bly die eiendom van die raad en val te alle tye onder die stadsingenieur se beheer.

*Plasing van watermeter*

**15.** Die stadsingenieur het die reg om wanneer hy dit nodig ag, 'n meter op die eiendom van 'n verbruiker te installeer en om van die verbruiker te eis dat hy op eie koste sodanige veranderinge aanbring as wat vir die installering van ʼn meter nodig is.

'n Meter mag nie sodanig toegebou of versper word dat die meter en toebehore nie geredelik leesbaar en bekombaar is en vir vervanging, toetsing of instandhouding verwyder kan word nie.

Vir sover dit gewone slytasie betref, onderhou en herstel die raad op eie koste enige aansluiting wat deur hom verskaf is. Blyk dit egter dat herstelwerk aan die betrokke meter nodig is omdat dit opsetlik, nalatiglik of per ongeluk deur die verbruiker beskadig is, is die verbruiker vir die herstelkoste aanspreeklik.

*Herstel en vervanging van watermeters*

**16.** Die raad behou hom die uitsluitlike reg voor om ʼn meter wat sy eiendom is of onder sy beheer staan te enige tyd te toets, te herstel of te vervang.

*Watermeter wat foutief registreer*

**17.** Indien 'n verbruiker meen dat sy meter sy waterverbruik foutieflik registreer, kan hy by die hoof-finansiële beampte aansoek doen om die meter deur die stadsingenieur te laat toets.

Die aansoek moet aan die hoof-finansiële beampte op die voorgeskrewe vorm gerig word en moet vergesel gaan van die toetsgeld soos deur die raad by spesiale besluit bepaal is.

Die toetsresultate van die stadsingenieur oor die korrektheid van die meter is finaal en bindend op die verbruiker.

Indien die stadsingenieur sou bevind dat die werklike verbruike soos deur die meter geregistreer, afwyk van die norm soos vervat in die Wet op Handelsmetrologie (Wet 77 van 1973), word die toetsgelde aan die verbruiker terugbetaal, maar nie as die verbruike minder is as die aangeduide norm nie.

Enige regstelling van waterverbruik deur byvoeging of aftrekking is slegs van toepassing en word in berekening gebring op die verbruik vanaf die derde laaste normale lesing voor die datum van ontvangs van die toetsgelde ongeag die tydperk van die jaar of enige ander omstandighede.

*Gemiddelde verbruik – meters buitewerking*

**18.** Die hoeveelheid water verbruik tydens die tydperke wat die meter buitewerking was, word bereken op die gemiddelde verbruik gedurende die voorafgaande drie maande of die naaste ononderbroke tydperk van drie maande voor of na-die tydperk wat die meter buitewerking was. Die bepaling van hierdie ononderbroke tydperke berus uitsluitlik by die hoof-finansiële beampte.

*Bepaling van deposito's*

19.1 Die deposito waarna in artikel 2(4) hiervan verwys word, word soos volg bepaal:

(a) Uitgesonderd in die geval van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika (met inbegrip van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie, die Suid-Afrikaanse Posdiens, TELKOM en TRANSNET) of ŉ ander klas verbruiker deur die raad goedgekeur, moet elke aansoeker om ŉ toevoer, voordat sodanige toevoer geskied, by die raad ŉ bedrag geld stort, wat na die mening van die hoof-finansiële dienste gelykstaande is aan die koste van die waarskynlike maksimum verbruik van die aansoeker gedurende enige twee of soveel meer agtereenvolgende maande as wat die raad bepaal.

(b) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1)(a) kan die hoof-finansiële beampte sekuriteit vir die betaling van enige bedrag wat die aansoeker verskuldig mag wees vir die toevoer, in stede van die bepaling van ŉ bedrag geld as deposito, ŉ waarborg van ŉ goedgekeurde bank of ander finansiële instelling aanvaar vir ŉ bedrag wat bereken word soos in subartikel (1)(a) bepaal; met dien verstande dat die totale bedrag van sodanige waarborg nie minder as R5 000,00 mag bedra nie. Geen rente is deur die raad op enige bedrag geld wat in kontant as deposito gestort is, betaalbaar nie.

**19.2** Die hoof-finansiële beampte het die reg om enige eienaar of verbruiker in kennis te stel dat die deposito verhoog word waar sodanige deposito nie voldoende is om die koste van die maksimum hoeveelheid in artikel 19(1)(a) en (b) genoem, te dek nie. Die verbruiker moet onverwyld die addisionele bedrag verlang deponeer. Indien so ŉ addisionele bedrag nie binne 30 dae gedeponeer word nie, het die raad die reg om die toevoer af te sluit.

**19.3** Die deposito word by beëindiging van die ooreenkoms verrekenbaar teen enige skuld aan die raad wat ten opsigte van heffings opgeloop het en die saldo daarvan, indien enige, tesame met enige kredietsaldo op die rekening word aan die raad verbeur, indien dit nie binne 'n tydperk van 12 maande vanaf datum van beëindiging deur die verbruiker opgeëis word nie.

*Hoeveelheid water geregistreer en betaling daarvoor*

**20.** Behoudens die bepalings van hierdie verordening, word die hoeveelheid water wat deur die meter geregistreer is, beskou as die hoeveelheid wat in werklikheid verskaf is. Die verbruiker moet vir die hoeveelheid water wat deur die raad by spesiale besluit bepaal is, betaal.

Alle heffings wat aan die raad vir water verskaf verskuldig is, moet voor die 15de van die kalendermaand wat volg op die kalendermaand waarin ʼn rekening ten opsigte van so ʼn heffing versend is, betaal word.

*Bestelling van dokumente*

**21.** Enige voorskrif, kennisgewing of dokument wat ingevolge hierdie verordeninge aan 'n persoon gegee of gestuur moet word, kan gegee of gestuur word deur die oorspronklike daarvan op een van die volgende maniere af te lewer:

aan sodanige persoon persoonlik of aan sy behoorlik gemagtigde agent;

deur sodanige voorskrif, kennisgewing of dokument te versend per vooruitbetaalde gesertifiseerde of geregistreerde pos in ʼn koevert waarop sy laasbekende huis- of besigheidsadres of posbusnommer geskryf is. Sodanige stuk word geag afgelewer te gewees het op die tydstip waarop die brief in die gewone loop van die pos afgelewer sou word;

aan ʼn verantwoordelike persoon bo die ouderdom van 16 jaar op die eiendom wat behoort aan of bewoon word deur die persoon op wie die diening moet geskied;

deur die voorskrif, kennisgewing of dokument op 'n ooglopende plek op die eiendom aan te bring, indien geen persoon soos in subartikel (3) vermeld, gevind kan word nie;

indien die persoon 'n domicilium citandi gekies het, die stuk by sodanige adres op een van bogemelde maniere af te lewer; of

enige voorskrif, kennisgewing of dokument wat kragtens hierdie verordening aan die eienaar of verbruiker afgelewer moet word, kan aan die “eienaar” of “verbruiker” van die betrokke eiendom geadresseer word sonder vermelding van die eienaar of verbruiker se naam of enige beskrywing.

*Toegang en ondersoek deur amptenare*

**22.** Die inspekteur of gemagtigde amptenare van die raad besit die reg van toegang tot enige eiendom ten einde te bepaal of daar aan die bepalings van hierdie verordening voldoen word.

*Dwarsboming van amptenare*

**23.** Niemand mag aan enige gemagtigde amptenaar van die raad toegang tot ŉ eiendom weier of hom verhinder of toelaat dat hy verhinder word om sy pligte en bevoegdhede ingevolge hierdie verordening uit te voer nie.

*Inspeksie*

**24.1** ŉ Beampte kan, vir enige doel wat verband hou met die implemintering of toepassing van hierdie verordening, te alle redelike tye of, in ŉ noodgeval, te alle tye persele betree, inligting aanvra en enige inspeksie en ondersoek doen wat hy nodig ag en vir daardie doeleindes enige watertoevoerstelsel in werking stel.

**24.2** Indien die raad dit as noodsaaklik beskou dat werk gedoen word ten einde ŉ beampte behoorlik en doeltreffend in staat te stel om ŉ funksie in subartikel 24(1) gemeld, te verrig, kan hy –

(a) by wyse van ŉ skriftelike kennisgewing van die eienaar of verbruiker van die perseel vereis om binne ŉ voorgeskrewe tydperk op eie koste voorgeskrewe werk te doen, of

(b) indien die aangeleentheid na sy mening ŉ dringende saak is, sonder om vooraf daarvan kennis te gee, sodanige werk op koste van die eienaar te doen of laat doen.

**24.3** Indien die werk in subartikel 24.2 gemeld, gedoen word, met die uitsluitlike doel om vas te stel of ŉ oortreding van hierdie verordening begaan is en geen sodanige oortreding vasgestel word nie, dra die raad die koste in hierdie verband daarmee saam met die verbonde aan die herstel van die perseel in die oorspronklike toestand daarvan, maar die raad dra andersins nie sodanige koste nie.

**24.4** Indien ŉ beampte die teenwoordigheid verlang van –

(a) ŉ eienaar by ŉ inspeksie van sy waterinstallasie;

(b) ŉ geregistreerde kontrakteur wat installeringswerk doen by ŉ inspeksie van sodanige werk; of

(c) ŉ geregistreerde kontrakteur se verantwoordelike loodgieter by ŉ inspeksie van werk wat onder sy beheer gedoen word;

kan hy aan sodanige persoon skriftelik kennis van minstens twee werksdae te dien effekte gee, en die datum en tyd wanneer en die plek waar hy voornemens is om die inspeksie uit te voer, aandui.

*Weiering van inligting*

**25.** Niemand mag weier om enige inligting te verstrek of inligting weerhou of opsetlik vals inligting verskaf aan ŉ gemagtigde amptenaar van die raad wat met die uitvoering van hierdie verordening belas is nie.

*Vermorsing, misbruik of besoedeling van water*

**26.** Niemand mag opsetlik of nalatiglik water mors, misbruik of toelaat dat enige apparaat foutief raak nie.

Niemand mag `n handeling verrig wat besoeling van enige aard kan veroorsaak ten opsigte van water in `n reservoir of ander plek wat of in sy geheel of gedeeltelik in die besit is van, beheer word deur, of berus by die raad in verband met die voorsiening van water nie, tensy sodanige handeling spesifiek skriftelik deur die raad gemagtig word.

*Stappe ter voorkoming van vermorsing*

**27.** Indien water vermors of misbruik word of ŉ lekkasie ontstaan, moet die eienaar of verbruiker sonder versuim stappe doen om die vermorsing, misbruik of lekkasie stop te sit.

Bly die eienaar of verbruiker in gebreke om die genoemde stappe te neem, moet 'n kennisgewing aan hom bestel word waarin hy gelas word om die vermorsing of misbruik of lekkasie binne 'n vasgestelde tydperk te staak.

Versuim of weier die eienaar of verbruiker dan nog om die nodige stappe te doen, word dit as 'n oortreding van hierdie verordening geag en kan die raad boonop nog sonder enige verhaal teen die raad die toevoer staak of die nodige herstelwerk aan die privaat distribusiestelsel op koste van die eienaar of verbruiker laat doen in welke geval laasgenoemde ook nog aanspreeklik is vir enige heffing wat in die raad se finansiële verordeninge vermeld word.

*Onderbreking enlof onvoldoende toevoer*

**28.** Die raad is nie aanspreeklik vir enige skade of vergoeding as gevolg van ŉ gebrek in die gehalte van die water wat gelewer word, 'n versuim om water te lewer of enige onderbreking in die toevoer nie.

*Geen verpligting om bepaalde waterdruk te handhaaf*

**29.** Die raad is nie verplig om op enige plek en tyd in sy distribusiestelsel 'n bepaalde druk te handhaaf nie.

*Watertoevoer na hoërliggende punte op persele*

**30.** Geen water word gelewer aan 'n perseel wat geleë is bo 'n hoogte wat deur die normale druk van die hoofleiding van die raad bedien kan word nie, tensy die eienaar van so 'n perseel 'n selfstandige en outomatiese pompstelsel, tesame met 'n tenk wat 'n voorraad water vir minstens 'n halwe dag se gebruik vir sodanige perseel kan hou, op eie koste kan verskaf en op 'n bevredigende wyse onderhou. Sodanige toerusting en opgaartenk, kan geïnspekteer word en die watervoorraad uit die tenk kan chemies en bakteries getoets word al na die plaaslike owerheid vereis. Die voorraad water wat uit die hoofleiding geneem word, word aan die toevoer van die pompinstallasie deur ŉ meter geregistreer.

*Ooreising van toevoerstelsel*

**31.** Indien die raad se toevoerstelsel ooreis mag word, is dit die plig van 'n eienaar of verbruiker om op eie koste voorsorgmaatreëls te tref om die toevoer uit 'n reservoir of houer of swaartekragwatertenk of ander metode wat deur die stadsingenieur skriftelik goedgekeur is, aan te vul.

*Onderbreking in watertoevoerstelsel*

**32.** Indien 'n eienaar of verbruiker afhanklik is van 'n voortdurende toevoer van munisipale water is dit sy plig om voorsorg te tref vir 'n onderbreking van minstens 12 uur.

*Beskadiging van raad se werke*

**33.** Niemand mag enige van die waterwerke van die raad beskadig of enige handeling verrig, laat verrig of toelaat dat dit verrig word waardeur enige put, boorgat, windpomp, bron, fontein, stroom, rivier, dwarswal, dam, reservoir, geboue, terrein of enige toerusting beskadig, benadeel, verswak, geskend of vernietig word nie.

Slegs 'n gemagtigde amptenaar mag hom enigsins bemoei met enige brandkraan, kraan, pypgeleiding, apparaat, drukmeter, watermeter, pomp of iets dergeliks wat aan die raad behoort.

*Ongemagtigde aansluitings*

**34.** Iemand wat nie die bepalings van hierdie verordening nagekom het nie, mag nie van die munisipale water neem of laat neem of enige verbinding maak of laat maak met die raad se distribusiestelsel nie.

*Ongemagtigde verbinding aan wateraansluiting*

**35.** Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die stadsingenieur, enige verbinding maak met 'n pomp of ander soortgelyke toerusting wat direk aan die hoofleiding gekoppel is nie. Geen toestel of masjien wat trillinge in enige waterpyp kan veroorsaak, mag direk aan die aansluiting gekoppel word nie.

*Verbruiker se afsluitkraan*

**36.** Elke verbruiker of eienaar moet op eie koste 'n afsluitkraan aanbring in sy hooftoevoerwaterpyp op sy eiendom aan die verbruikerskant van die meter op 'n plek wat deur die stadsingenieur goedgekeur is en waarmee die gehele toevoer van water na die eiendom afgesluit kan word. Die afsluitkraan voor die meter is buite perke vir die eienaar/publiek.

*Versuim om privaat waterdistribusiestelsel te herstel*

**37.** In geval van misbruik of vermorsing of oormatige gebruik of onnodige lekkasie in 'n privaat waterdistribusiestelsel kan 'n gemagtigde amptenaar per skriftelike kennisgewing die eienaar of verbruiker versoek om binne 7 dae na diening daarvan die nodige herstelwerk insluitende verandering of vernuwing te verrig.

Indien die eienaar of verbruiker versuim om aan die versoek vermeld in subartikel (1) hiervan te voldoen, kan die raad aan enige gelisensieërde loodgieter of sy eie amptenare opdrag gee om op koste van die eienaar of verbruiker die nodige herstelwerk te verrig of die nodige verandering aan te bring.

Bowendien bly die eienaar of verbruiker aanspreeklik vir enige heffings van die raad ingevolge sy finansiële verordeninge.

*Verhaal van koste deur raad*

**38.** In alle gevalle waar die raad werk ingevolge hierdie verordening onderneem waarvan die koste deur die raad van 'n persoon verhaal kan word, en ten opsigte waarvan geen bepaalde tarief in hierdie verordening vasgestel is nie, word die koste ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordening of enige ander Wet bepaal.

By die koste vermeld in subartikel (1) hiervan kan enige onkoste in verband met die opbreek of regmaak van 'n straat of in verband met die herstel van enige eiendom of grond gevoeg word.

*Ontruiming en betrekking van eiendomme*

**39.** Enige eienaar of verbruiker aan wie die raad kragtens ooreenkoms water voorsien wat van voorneme is om die eiendom te ontruim en dientengevolge verlang dat sy verantwoordelikheid beëindig word, moet minstens 6 dae voor die datum van ontruiming skriftelik daarvan aan die hoof-finansiële beampte kennis gee.

Indien ŉ eienaar of verbruiker in gebreke gebly het om kennis ooreenkomstig subartikel (1) te gee, bly hy aanspreeklik vir die verbruik totdat dienooreenkomstig kennis gegee is.

Eienaars en verbruikers wat 'n eiendom wil betrek en veriang dat die raad aan hulle water moet voorsien, moet insgelyks minstens 6 dae vooruit skriftelik aan die hoof-finansiële beampte kennis gee en die voorgeskrewe kontrak vir voorsiening met die raad sluit.

*Inkorting – watertoevoer*

**40.1** Die raad het die reg om sonder betaling van vergoeding en sonder benadeling van sy regte om betaling te eis vir water wat aan die eienaar of verbruiker verskaf is, die toevoer na goeddunke te staak of te weier indien so ŉ verbruiker:

(a) versuim het om 'n bedrag ingevolge hierdie verordening aan die raad verskuldig te betaal; met die uitsondering van verbruikers wat ingevolge die raad se beleid vir deernishuishoudings, vir ŉ deernissubsidie kwalifiseer.

(b) opsetlik, of nalatiglik 'n hoofgeleiding, aansluitingspypmeter of enige ander toerusting van die raad wat gebruik word of gebruik kan word in verband met voorsiening beskadig, laat beskadig of toelaat dat dit beskadig word;

(c) enige van die bepalings van hierdie verordening oortree; en

(d) met enige toerusting onder beheer van die raad wat gebruik word of gebruik kan word in verband met watervoorsiening gepeuter het of hom onnodig daarmee bemoei het of daaraan laat peuter het of toegelaat het dat daaraan gepeuter word.

Die raad is nie aanspreeklik vir skade deur enige eienaar of verbruiker gely as gevolg van die afsny of beperking van die toevoer as dit gedoen is terwyl bona fide geglo is dat die eienaar of verbruiker hom aan enigeen van die vergrype in subartikel (1) vermeld, skuldig gemaak het.

Voordat die raad die voorsiening van water aan sodanige eienaar of verbruiker hervat, moet laasgenoemde die heraansluitingsgeld soos deur die raad by spesiale besluit bepaal, asook enige bedrae ingevolge hierdie verordening verskuldig, aan die raad betaal.

*Spesiale ooreenkomste vir watervoorsiening*

**41.** Geeneen van hierdie artikels word geag die raad te verhinder om water, waar omstandighede dit regverdig, aan enige eienaar of verbruiker te voorsien anders as ooreenkomstig hierdie verordening en vir die doeleindes 'n spesiale ooreenkoms met enige persoon aan te gaan met betrekking tot die voorsiening of die hoeveelheid water wat voorsien moet word; met dien verstande dat die bepalings van so 'n ooreenkoms sover moontlik met hierdie verordening moet ooreenkom.

*Beëindiging van ooreenkoms*

**42.** Die raad of die eienaar of verbruiker mag te enige tyd ʼn ooreenkoms ingevolge hierdie verordening beëindig deur die ander party tot die ooreenkoms, minstens 6 dae vooruit skriftelik in kennis te stel van die voorneme om dit te doen.

*Onus op verbruiker*

**43.** Enige oortreding van hierdie verordening op die eiendom van ʼn eienaar of verbruiker word beskou ʼn oortreding deur die eienaar of verbruiker te wees totdat hy/sy die teendeel bewys het.

*Verkoop deur verbruiker verbode*

**44.** Geen eienaar of verbruiker mag enige munisipale water behalwe met die skriftelike toestemming van die raad verkoop, verruil of verskaf nie.

*Afsluit van watertoevoer*

**45.** Die stadsingenieur mag te enige tyd tydelik die toevoer in enige hoofgeleiding of aansluiting of verbinding afsluit om herstelwerk of veranderinge aan enige geleiding of apparaat aan te bring.

*Voorkoming, besoedeling en korrosie*

**46.** Tensy hierdie verordening anders bepaal, mag geen pyp waarin munisipale water gelei word of gelei kan word in dieselfde voor as enige riool, houer, afvoerleiding, misgat, asput of dergelike plek of in enige grond wat kalk, as, sout- of suurafval bevat of oor of in enige ongeskikte grond wat moontlik sou kan insink of deur of onder beton waar dit ʼn nadelige uitwerking op die pyp kan hê, gelê word nie.

Ingeval so ʼn houer, afvoerleiding of enige ander plek soos hierbo genoem onvermydelik op die pad van die pyp lê, moet so ʼn pyp deur ʼn omhullende pyp van materiaal wat deur die raad goedgekeur is, gelê word.

*Diepte, deklaag en posisie van pype*

**47.1** Indien waterpyp buitekant geboue onder die grond aangelê moet word, moet dit minstens 50 cm onder die grondoppervlak gelê word of andersins behoorlik teen die weer of moontlike beskadiging beskerm word.

**47.2** Waterpype binne geboue moet voldoende gestut word om deursakking te voorkom en hulle moet behoorlik tot bevrediging van die stadsingenieur teen beskadiging beskerm word.

*Staanpype en bogrondse pype*

**48.** Staan- of ander pype wat bo die grond uitsteek, en nie andersins aan ŉ struktuur vasgeheg is nie, moet stewig geanker of vasgemaak word sodat onnodige beweging uitgeskakel word.

ŉ Tuinslang mag slegs aan die privaat distribusiestelsel van ŉ eienaar of verbruiker aan die verbruikerskant van die afsluitkraan gekoppel word.

*Ondergrondse houers*

**49.** Geen ondergrondse houer mag vir die opvangs of bewaring van munisipale water wat vir menslike gebruik bedoel is, gebruik word nie.

*Spesiale waterbeperkings*

**50.1** Die raad kan die verskaffing van watervoorsiening of die gebruik van water beperk of staak waar –

(a) nasionale rampe of streeksrampe ontwrigting in die verskaffing van dienste veroorsaak;

(b) daar om enige ander rede nie voldoende water beskikbaar is nie.

**50.2** Die raad kan tussen tipes verbruikers of gebiede binne die Munisipale Grense differensieer.

**50.3** Die raad kan die vorm en wyse van beperking, staking of gebruik wat van toepassing sal wees, bepaal.

**50.4** Indien die raad ingevolge artikel 4 van die Wet op Waterdienste (Nr. 108 van 1997) waterbeperkings sou afkondig, is enige persoon wat munisipale water gedurende die verbode ure of vir verbode of ander doeleindes deur die raad gespesifiseer gebruik, skuldig aan ŉ oortreding van hierdie verordening en kan daar soos volg teen so ŉ persoon opgetree word:

(a) straf soos voorsien in artikel 54 van die Wet op Waterdienste (Nr. 108 van 1997);

(b) staking van waterdienste totdat so ŉ verbruiker skriftelik onderneem het om hom nie weer aan ŉ soortgelyke oortreding skuldig te maak nie en hy alle koste aan die raad vergoed het wat uit hierdie aksie voortgespruit het; en

(c) dat die verbruik gedurende die periode waarin die oortreding plaasgevind het, teen ŉ hoër tarief soos deur die raad goedgekeur, aangeslaan word.

*Bewyslas inskrywings in raad se boeke*

**51.** Die inskrywings in die boeke van die raad in verband met die hoeveelheid verbruikte water word as korrek beskou totdat die eienaar of verbruiker die teendeel bewys het.

Dit is nie nodig vir die persoon wat die meter gelees het of die inskrywing gemaak het om te getuig ten einde die lesing of inskrywing deur voorlegging van die betrokke lesingsrekord te bewys nie.

*Gemeterde en ongemeterde brandblus-toevoer*

**52.** Wanneer ŉ ooreenkoms vir die lewering van water tussen ŉ eienaar of verbruiker met die raad gesluit is, sal een of twee goedgekeurde afsondelike aansluitings onderskeidelik vir huishoudelike verbruik en vir brandblusdoeleindes, of ŉ goedgekeurde gemeenskaplike aansluiting vir die eiendom aangebring word vir beide huishoudelike verbruik sowel as vir brandblusdoeleindes, met dien verstande dat:

water voorsien deur middel van 'n aansluiting vir huishoudelike verbruik sowel as vir brandblusdoeleindes, op die eiendom hetsy gesamentlik of afsonderlik van meters voorsien sal word, mits die brandblusstelsel op 'n afsonderlike pypstelsel gekoppel is en geensins met die huishoudelike stelsel verbind is nie;

water van die brandblusstelsel slegs vir die bestryding van 'n brand op die eiendom getap mag word;

indien die eienaar of verbruiker in 'n geval waar water vir brandblusdoeleindes nie gemeter is nie wel water vir 'n ander doel gebruik of 'n tydelike of permanente verbinding maak met die ongemeterde brandblusstelsel wat dit moontlik maak om water vir 'n ander doel as die bestryding van 'n brand te gebruik, dan –

is dit ŉ oortreding van hierdie verordening;

kan die hoof-finansiële beampte die eienaar of verbruiker vir die geskatte verbruik tydens die onwettige verbinding met die ongemeterde brandblusstelsel soos deur hom bepaal, aanslaan; en

kan die hoof-finansiële beampte die eienaar of verbruiker verplig om die gelde te betaal vir die aanbring van 'n meter deur die raad wat alle water meet insluitende die vir brandbestryding op die eiendom of perseel.

die gemeenskaplike of afsonderlike aansluiting tot bevrediging van die stadsingenieur aangebring word;

ʼn eienaar of verbruiker kan verkies om ʼn gemeenskaplike of afsonderlike aansluiting aan te vra waardeur alle water wat op die eiendom gebruik, gemeet word.

*Waterdrukmeter vir brandblusstelsel*

**53.** ʼn Waterdrukmeter wat die waterdruk in kN/$m^2$ of Kpa of Bar in die hooftoevoergeleiding van die brandblusstelsel aantoon, moet aan die brandblusstelsel op 'n opvallende en beskutte plek binne die eiendom op die eienaar of verbruiker se koste voorsien, aangebring en in stand gehou word.

*Goedkeuring vir water-brandblusstelsel*

**54.** Geen water brandblusstelsel mag aan die aansluiting vir brandblusdoeleindes verbind word alvorens die stadsingenieur nie skriftelik gesertifiseer het dat die stelsel in ooreenstemming met hierdie verordening nie.

*Amptelike dokumente*

**55.** ʼn Bevel, kennisgewing of dokument uitgereik ingevolge hierdie verordening is behoorlik van krag as dit deur die munisipale bestuurder, hoof-finansiële beampte, stadsingenieur, mediese gesondheidsbeampte of hulle gedelegeerdes onderteken is.

*Straf vir oortreding van verordening*

**56.** Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete en/of gevangenisstraf.

Behoudens 'n kostebevel van 'n hof, moet 'n persoon die koste wat die raad aangegaan het om deur bemiddeling van 'n prokureur enige bedrag wat deur sodanige persoon ingevolge hierdie verordening aan die raad verskuldig is, te verhaal, aan die raad vergoed.

*Toepassing van verordening*

**57.** Hierdie verordening is van toepassing op alle eiendomme, verbruikers en eienaars met dien verstande dat –

(1) van 'n eienaar of verbruiker nie vereis word om veranderinge aan of vervanging van bestaande distribusiestelsels wat wettig in gebruik was op die eiendom onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie verordening te maak nie behalwe in gevalle soos in subartikel (2) omskrywe is.

(2)(a) indien enige toestel of 'n privaat distribusiestelsel deur die stadsingenieur in so 'n toestand of posisie gevind dat dit vermorsing, buitensporige verbruik, misbruik of verkeerde meting kan veroorsaak of beskadig kan word of die mediese gesondheidsbeampte die mening toegedaan is dat dit besmetting, besoedeling of die gevaar van besmetting of besoedeling van munisipale water veroorsaak of kan veroorsaak, kan die raad, sonder enige verhaal deur die eienaar of verbruiker teen die raad die toevoer staak en/of die eienaar of verbruiker verplig om die nodige vervanging of verandering soos deur hierdie verordening bepaal binne 14 dae na skriftelike kennisgewing deur die stadsingenieur of mediese gesondheidsbeampte, aan te bring;

(b) indien die eienaar of verbruiker versuim om die nodige vervanging of verandering aan te bring, kan die raad die werk op koste van die eienaar of verbruiker laat doen en sodanige uitgawes plus enige heffings ooreenkomstig die raad se finansiële verordeninge van die eienaar of verbruiker verhaal. Bowendien is die versuim of weiering om die vervanging of verandering soos beveel aan te bring, 'n oortreding van hierdie verordening.

*Heffings*

**58.** Die volgende bepalings ten opsigte van aheffings, waar van toepassing, sal geld –

indien water vir verskillende doeleindes aangewend word sonder dat dit afsonderlik gemeet word, is die heffing op die hoogste tariefskaal soos deur die raad bepaal vir die betrokke doeleindes in die onderhawige geval van toepassing;

indien die eienaar of verbruiker die bepaling van die tarief in twyfel trek, rus die bewyslas op hom, of

die toepaslike besigheidstarief word toegepas tensy 'n afsonderlike meter ten opsigte van elke wooneenheid wat afsonderlik van water voorsien word, geïnstalleer is.

*Storte, waskomme en openbare urinale*

**59.1** Drie jaar na die uitvaardiging van hierdie verordeninge mag die volgende nie aangebring word nie –

ŉ stortkop met ŉ maksimum flou vloei tempo hoër as 10 liter per minuut waar die dinamiese waterdruk hoër is as 200kpa by die stort beheerklep en waar die loodgieter ontwerp is om die waterdruk te balanseer op die warm en koue water voorraad tot by die stort beheerklep;

ŉ kraan op die waskom met ŉ maksimum vloei tempo wat 6 liter per minuut oorskry;

ŉ spoelbak en verwante pan ontwerp om sodanige spoelbak te bedien, waar die spoelbak kapasiteit hoër as 6 liter is nie;

ŉ spoelbak bedoel vir gebruik wat nie voorsien is van ŉ spoel meganisme wat onderbrekende en veelvoudige vloei toelaat, uitsluitend ŉ spoelbak met ŉ kapasiteit van 4,5 liter of minder; en

ŉ urinaal wat nie gebruiker geaktiveerd is nie.

**59.2** Alle spoel urinale wat nie verbruiker geaktiveerd is nie geïnstalleer voor aanvang van hierdie verordeninge moet binne drie jaar van die uitvaardiging van hierdie verordeninge omskep word na gebruiker geaktiveerde urinale.

*Voertuig-was fasiliteite en kommersiële wassery fasiliteite*

**60.** ŉ Kommersiële voertuig-was fasiliteite of wassery fasiliteite opgerig na uitvaardiging van hierdie verordeninge moet opgerig en bedryf word op sodanige wyse dat ten minste 50% van die watergebruik by so ŉ fasiliteit hersirkuleer word vir herverbruik in daardie fasiliteit.

*Toeslag*

**61.** ŉ Toeslag soos deur die raad goedgekeur, word gevoeg by elke rekening wat nie voor of op die 15de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan die rekening gelewer is, by die raad se kantore betaal is nie, of die eerste dag waarop die raad se kantore oop is, as die 15de op ŉ Saterdag, Sondag of openbare feesdag val.

*Aanspreeklikheid en vergoeding*

**62.** Die raad is nie aanspreeklik vir skade of vergoeding wat voortspruit uit enigiets wat ingevolge hierdie verordening deur hom gedoen word nie.

*Verslapping of afstanddoening*

**63.1** Die raad kan, in afsonderlike geval die vereistes van ŉ bepaling van hierdie verordening verslap of daarvan afstand doen op die voorwaardes wat hy wenslik ag, indien hy van mening is dat die toepassing of werking van daardie bepaling in daardie geval so onredelik sou wees, dat dit wesenlike benadeling van ŉ aard en omvang wat nie bedoel was om voort te vloei uit die verordening van die bepaling nie, sal veroorsaak, en indien hy van mening is dat of –

(a) die doel waarvoor die bepaling verorden is, in daardie geval wesenlik bereik is, of aldus bereik sal word by voldoening aan die gestelde voorwaardes; of

(b) die nodigheid om daardie doel te bereik om watter rede ook al, in daardie geval afwesig is.

*Voorgeskrewe heffings*

**64.** Die raad kan by spesiale besluit die heffings wat kragtens hierdie verordening betaalbaar is, voorskryf.

*Lewer van gratis water*

**65.** Die raad kan met die jaarlikse oorweging van tariewe vir die lewer van die diens, besluit om gratis dienste soos op Nasionale vlak voorgeskryf of soos deur die raad bepaal, aan verbruikers lewer.

## HOOFSTUK 3 : SANITASIEDIENSTE EN NYWERHEIDSUITVLOEISEL

### Standaarde en Algemene Bepalings

*Standaarde vir Sanitasiedienste*

**66.** Sanitasiedienste wat deur die munisipaliteit voorsien word, sal aan die minimumvereistes wat vir die voorsiening van sanitasiedienste ingevolge artikel 9 van die Wet bepaal is, voldoen.

*Aanstootlike loslaat na rioolvuilwegdoenstelsel*

**67.1** Niemand mag enige rioolvuil of ander stof in die rioolvuilwegdoenstelsel loslaat of die loslaat of toegang daarvan toelaat indien daardie rioolvuil of ander stof –

nie aan die standaarde en maatstawwe wat artikels 66 tot 69 hieronder voorskryf, voldoen nie;

bestanddele in sodanige konsentrasie bevat as wat in die uitvloeiselproduk vir loslating by enige rioolvuilbehandelingsaanleg of

uitlooploslatingspunte ter see of in enige openbare water enige aanstootlike, of andersins onaanvaarbare smaak, kleur, reuk, temperatuur of enige skuim tot gevolg sal hê of waarskynlik tot gevolg sal hê;

die hergebruik van behandelde rioolvuil benadeel of enige van die prosesse waardeur rioolvuil vir hergebruik gesuiwer word of behandel is om slyk vir beskikking daaroor te produseer, nadelig raak;

enige stof of voorwerp van watter aard ookal bevat wat nie tot ŉ bevredigende mate ontvanklik is vir behandeling by ŉ rioolvuilbehandelingsaanleg nie, of wat die staking of onderdrukking van die prosesse wat in sodanige aanleg gebruik word tot gevolg sal hê of waarskynlik tot gevolg sal hê;

enige stof of voorwerp van watter aard ookal bevat wat so sterk is, of wat slegs ontvanklik is vir behandeling tot so ŉ beperkte mate, dat dit tot gevolg het dat die uitvloeisel vanuit die rioolvuilbehandelingsaanleg of loslaat vanuit die loslatinspunte ter see nie aan die standaarde voorgeskryf deur die die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet Nr 36 van 1998) voldoen nie;

ŉ gevaar vir die gesondheid of veiligheid van enige persoon kan inhou, of nadelig vir die struktuur of materiaal van die rioolvuilwegdoenstelsel kan wees, of wat ŉ nadelige uitwerking op enige grond wat deur die munisipaliteit vir die rioolvuilwegdoenstelsel gebruik word, kan hê, anders as in ooreenstemming met die toestemmings wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is; en

die ongehinderde vloei van rioolvuil deur die rioolvuilwegdoenstelsel mag onderdruk.

Niemand sal die insypeling van enige stormwater in die rioolvuilwegdoenstelsel veroorsaak of toelaat nie.

Die munisipaliteit kan, by wyse van skriftlike kennisgewing, die eienaar of okkupeerder gelas om op sy of haar eie onkoste periodieke deskundige inspeksies van die perseel uit te voer ten einde voorkomingsmaatreëls wat nakoming van hierdie verordening sal verseker, te identifiseer en om sodanige bevindings aan ŉ gevolmagtigde verteenwoordiger oor te dra.

Indien enigiemand enige van die beplaings vervat in subartikel (1) of subartikel (2) oortree, moet sodanige persoon binne 12 uur, of indien moontlik, vroeër, die munisipaliteit van die besonderhede van die oortreding en die redes daarvoor in kennis stel.

*Aansoek om infrastruktuur*

**68.1** Indien 'n ooreenkoms vir *in situ* sanitasiedienste en verwante dienste in ooreenstemming met artikel 2 bestaan, en geen infrastruktuur in verband daarmee op die perseel in stand is nie, moet die eienaar onmiddellik op die voorgeskrewe vorm daarom aansoek doen en –

die voorgeskrewe heffing vir die installering van die nodige infrastruktuur betaal; of

met die goedkeuring van die munisipaliteit en op versoek van die eienaar, die verbindingsriool of *in situ* sanitasiedienste in orreenstemming met die spesifikasies van die munisipaliteit installeer.

**68.2** 'n Munisipaliteit kan die tipe *in situ* sanitasiediens wat geïnstalleer staan te word, spesifiseer.

*Dienste verwant aan in situ sanitasiedienste*

**69.1** Die verwydering of versameling van riooltenkinhoud, nagvuil of die leegmaak van putlatrines, sal deur die munisipaliteit onderneem word in ooreenstemming met 'n verwydering- en versamelingskedule wat deur die munisipaliteit vasgestel is.

**69.2** Afskrifte van die verwydering- en versamelingskedule sal op versoek beskikbaar gestel word.

*Heffings ten opsigte van dienste verwant aan in situ sanitasiedienste*

**70.** Heffings ten opsigte van die verwydering of versameling van riooltenkinhoud, nagvuil of die leegmaak van putlatrines, sal alle operasionele- en onderhoudskoste vir die verwydering van die putinhoud, die vervoer daarvan na 'n wegdoenplek, die behandeling van die inhoud ten einde 'n sanitêre toestand te bereik en die finale beskikking oor soliede oorblyfsels, insluit.

Heffings sal betaal word ingevolge die munisipaliteit se tariefbeleid.

*Voorsiening van 'n verbindingsriool*

**71.1** Indien 'n ooreenkoms vir die gebruik van 'n rioolvuilwegdoenstelsel in ooreenstemming met artikel 2 bestaan, en geen verbindingsriool ten opsigte van die perseel bestaan nie, moet die eienaar onmiddellik op die voorgeskrewe vorm daarom aansoek doen en –

die voorgeskrewe heffing vir die installering van sodanige verbidingsriool betaal; of

op versoek van die eienaar en met toestemming van die munisipaliteit die verbindingsriool in ooreenstemming met enige spesifikasies van die munisipaliteit installeer.

**71.2** Indien aansoek gedoen is vir gebruik van ŉ rioolvuilwegdoenstelsel na ŉ perseel wat sodanig geleë is dat dit nodig is om die riool te verleng ten einde die rioolvuilwegdoenstelsel met die perseel te kan verbind, kan die munsipaliteit tot die verlenging instem, onderhewig aan sodanige voorwaardes was wat dit mag voorskryf.

*Plasing van verbindingsriool*

**72.1** ŉ Verbindingsriool wat deur die munisipaliteit of die eienaar ingevolge artikel 54 voorsien en geïnstalleer is, moet –

geplaas wees in ŉ posisie waaroor die eienaar met die munisipaliteit ooreengekom gekom het en van ŉ grootte wees wat deur die munisipaliteit of sy gevomagtigde bepaal is;

by ŉ verbindingspunt eindig ongeveer 1 meter binnekant die perseel vanaf die grens van die grond wat deur die munisipalitiet besit word of in die munisipaliteit setel, of waaroor die munisipaliteit ŉ serwituut of ander reg geniet, of, by die toepassing van subartikel (3), by die verbindingspunt ingevolge daardie subartikel aangewys.

**72.2** By bereiking van ŉ ooreenkoms met die eienaar oor die plasing van ŉ verbindingsriool, moet die munisipaliteit toesien dat die eienaar bewus is van –

praktiese beperkings wat ten aansien van die plasing van ŉ verbindingsriool mag bestaan;

die koste-implikasies van die verskillende moontlike plasings van die verbindingsriool;

of die munisipaliteit van die eienaar verg, al dan nie, om die plasing van die verbindingsriool te bepaal deur ŉ gedeelte van sy of haar waterinstallasie by of buite sy of haar perseel se grense te voorsien, of sodanige ooreengekome posisie binne of buite sy perseel waar die verbinding vereis word, vir die munisipaliteit om aan sodanige installasie te verbind.

**72.3** Onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat ŉ munisipaliteit mag voorskryf, kan ŉ munisipaliteit, op versoek van enigiemand toestemming verleen vir die verbinding aan ŉ riool anders as een wat die mees geredelik beskikbaar is vir die riolering van die perseel; met dien verstande dat die applikant aanspreeklik sal wees vir enige verlenging van die perseelrioleringsinstallasie na die verbindingspunt deur die munisipaliteit uitgewys, asook vir die verkryging, op sy of haar eie onkoste, van enige sodanig serwitute oor ander persele as wat nodig mag wees.

**72.4** ŉ Eienaar moet die voorgeskrewe verbindingsheffing betaal.

**72.5** Waar dit van ŉ eienaar vereis word om ŉ rioolvuilhyser soos deur die Bouregulasies voorgeskryf, the voorsien, sal die tempo en tyd van loslating in die riool onderhewig wees aan die goedkeuring daarvan deur die munisipaliteit.

*Voorsiening van enkelverbindingsriool vir verskeie verbruikers op dieselfde perseel*

**73.1** Nieteenstaande die bepalings van artikel 54, mag slegs een verbindingsriool na die rioolvuilwegdoenstelsel voorsien word vir die wegdoen van rioolvuil vanaf enige perseel, ongeag die aantal wooneenhede of verbruikers wat op sodanige perseel teenwoordig is.

**73.2** Wanneer die eienaar of die persoon in bevel of belas met die bestuur van enige perseel waarop verskeie wooneenhede aangetref word die wegdoen van rioolvuil vanaf sodanige perseel verlang vir doeleindes van die wegdoen daarvan vanaf die verskillende wooneenhede, kan die munisipaliteit, in eie diskresie –

ŉ enkelverbindingsriool ten opsigte van die perseel as ŉ geheel, of enige aantal sodanige wooneenhede, voorsien en installeer; of

ŉ afsonderlike verbindingsriool vir elke wooneenheid, of enige aantal wooneenhede, voorsien en installeer.

**73.3** Wanneer die munisipaliteit ŉ enkelverbindingsriool soos in subartikel 2(a) beoog, geïnstalleer het –

(a) moet die eienaar of die persoon in bevel of belas met die bestuur van die perseel, na gelang van die geval, indien die munisipaliteit dit vereis, aan elke takpyp wat vanaf die verbindingsriool na die verskillende wooneenhede strek –

(i) ŉ afsonderlike verbindingsriool installeer en onderhou; en
(ii) ŉ isoleerklep installeer en onderhou;

(b) sal die eienaar of die persoon in bevel of belas met die bestuur van die perseel, na gelang van die geval, aanspreeklike wees teenoor die munisipaliteit vir die tariewe en heffings ten opsigte van alle rioolvuilverwydering vanaf die perseel deur middel van sodanige enkelverbindingsriool, ongeag die verskillende hoeveelhede waarmee deur die verskillende verbruikers wat deur sodanige verbindingsriool bedien is, weggedoen is.

**73.4** Ondanks subartikel (1), kan die munisipaliteit instem dat meer as een verbindingsriool aan die rioolvuilverwyderingstelsel voorsien word vir die wegdoen van rioolvuil vanaf enige perseel wat uit deeltiteleenhede bestaan, of indien, na die mening van die munisipaliteit, voorsiening van slegs ŉ

enkelverbindingsriool onnodige ontbering en ongerief aan enige verbruiker op sodanige perseel tot gevolg sal hê.

**73.5** Wanneer die voorsiening van meer as een verbindingsriool ingevolge subartikel (4) deur die munisipaliteit gemagtig is, sal die tariewe en heffings vir die voorsiening van ŉ verbindingsriool ten opsigte van elke rioolverbinding wat aldus voorsien is, betaalbaar wees.

*Tussenverbinding tussen persele*

**74.** ŉ Eienaar van ŉ perseel moet toesien dat geen tussenverbinding tussen die perseelrioleringsinstallasie op sy of haar perseel en die perseelrioleringsinstallasie op ander persele bestaan nie, tensy hy of sy die skriftelike toestemming van die munisipaliteit vooraf verkry het en aan alle vorwaardes wat deur die munisipaliteit voorgeskryf mag wees, voldoen.

*Diskonnektering van perseelrioleringsinstallasie van verbindingsriool*

**75.** Die munisipaliteit kan ŉ perseelrioleringsinstallasie van die verbindingsriool diskonnekteer en die verbindingsriool verwyder indien –

die ooreenkoms vir voorsiening van die verbindingsriool ingevolge artikel 10 beëindig is en geen aansoek vir die verdere voorsiening aan die perseel wat deur die riool bedien is binne 90 dae na sodanige beëindiging deur die munisipaliteit ontvang is nie; of

die gebou op die betrokke perseel gesloop is.

*Aanvaarding van lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer*

**76.** ŉ Munisipaliteit kan, in eie diskresie, en onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat dit mag spesifiseer, rioolvuil vir wegdoening wat deur middel van padvervoer aan die munisispaleit se rioolvuilbehandelingsaanleg gelewer word, aanvaar.

*Skriftelike toestemming vir lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer*

**77.1** Niemand mag rioolvuil in die munisipaliteit se rioolvuilbehandelingsaanleg deur middel van padvervoer loslaat nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderhewig aan sodanige tydperk en enige voorwaardes wat voorgeskrewe terme van die skriftelike toestemming mag uitmaak.

**77.2** Die heffings betaalbaar vir enige rioolvuil wat aan die munisipaliteit se rioolvuilbehandelingsaanleg vir wegdoening gelewer is, sal deur die munisipaliteit in orreenstemming met die voorgeskrewe tariewe en heffings bepaal word.

*Voorwaardes vir die lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer*

**78.1** Wanneer rioolvuil deur middel van padvervoer gelewer word –

(a) sal die tyd van aflewering met die munisipaliteit gereël word; en

(b) sal die aard en samestelling van die rioolvuil tot bevrediging van die munisipaliteit voor die loslating daarvan vasgestel word, en niemand mag rioolvuil lewer wat nie aan die standaarde voldoen wat ingevolge hierdie verordening voorgeskryf is nie.

*Terugtrekking van toestemming vir lewering van rioolvuil deur middel van padvervoer*

**79.** Die munisipaliteit kan enige toestemming terugtrek nadat skriftelike toestemming van sodanige voorneme aan 'n persoon wat toestemming bekom het om rioolvuil deur middel van padvervoer los te laat, gelewer is, indien sodanige persoon –

versuim om toe te sien dat die rioolvuil wat aldus gelewer is aan die standaarde wat in Bylae "A" of in die skriftelike toestemming voorgeskryf is, voldoen; of

versuim of weier om aan enige kennisgewing wat regtens ingevolge hierdie verordening op hom of haar beteken is, te voldoen, of enige bepalings van hierdie verordening of enige voorwaarde aan hom of haar ingevolge enige toestemming voorgeskryf, oortree; en

versuim om die bepaalde heffings ten opsigte van enige gelewerde rioolvuil te betaal.

*Aansoek om wegdoen van nywerheidsuitvloeisel*

**80.1** 'n Persoon moet aansoek doen ingevolge artikel 2(1) om toestemming vir die loslaat van nywerheidsuitvloeisel in 'n rioolvuilwegdoenstelsel van die munisipaliteit.

**80.2** Die munisipaliteit of sy gevolmagtige kan, indien dit van mening is dat die kapasiteit van 'n rioolvuilwegdoenstelsel voldoende is om die vervoer en doeltreffende behandeling sowel as die regmatige wegdoen van nywerheidsuitvloeisel te behartig, vir sodanige tydperk en onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat dit mag voorskryf, skriftelike toestemming vir die wegdoen van nywerheidsuitvloeisel verleen.

**80.3** Die bepalings van Hoofstuk 1 sal *mutatis mutandis* van toepassing wees op enige toestemming om nywerheidsuitvloeisel los te laat.

**80.4** Enige persoon wat voornemens is om 'n gebou wat as 'n handelsperseel gebruik staan te word op te rig, of te laat oprig, sal ten tyde van die indiening van 'n bouplan ingevolge artikel 4 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet Nr 103 van 1977), ook aansoeke indien om die lewering van sanitasiedienste en om toestemming om nywerheidsuitvloeisel ingevolge subartikel (1) los te laat.

*Ongemagtigde loslating van nywerheidsuitvloeisel*

**81.1** Niemand mag enige nywerheidsuitvloeisel in die rioolvuilwegdoenstelsel loslaat of veroorsaak of toelaat dat dit daarin losgelaat word nie, behalwe met en ingevolge die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Deel.

**81.2** 'n Persoon aan wie sodanige toestemming verleen is, sal enige voorgeskrewe heffings aan die munisipaliteit betaal.

*Gehaltestandaarde vir wegdoening van nywerheidsuitvloeisel*

**82.1** 'n Persoon aan wie toestemming ingevolge artikel 62 verleen is, moet toesien dat geen nywerheidsuitvloeisel in die rioolvuilwegdoenstelsel van die munisipaliteit losgelaat word nie, tensy dit aan die standaarde en maatstawwe in Bylae A hiervan uiteengesit, voldoen.

**82.2** Die munisipaliteit kan die standaarde in Bylae A skriftelik in die betrokke toestemming verslap of wysig, met dien verstande dat die munisipaliteit daarvan oortuig sal wees dat enige sodanige verslapping die beste prakties uitvoerbare opsie sal wees.

**82.3** By die vasstelling of die verslapping of wysiging van die standaarde in Bylae A die beste prakties uitvoerbare opsie tot gevolg sal hê, sal die munisipaliteit die volgende in ag neem –

of die aansoeker se onderneming teen optimale vlakke behartig en onderhou word;

of die tegnologie wat die aansoeker aanwend die beste beskikbare opsie in die aansoeker se nywerheidsveld is, en indien nie, of die installasie van sodanige tegnologie onredelike kostes vir die aansoeker tot gevolg sal hê;

of die aansoeker uitvoering gee aan 'n program van afvalbeperking wat tot bevrediging van die munisipaliteit aan die nasionale en plaaslike afvalbeperkingstandaarde voldoen;

die koste vir die munisipaliteit verbonde aan die toestaan van die verslapping of wysiging; en

die omgewingsinvloed of potensiële invloed as gevolg van sodanige verslapping of wysiging.

**82.4** Toetsmonsters kan te eniger tyd deur 'n behoorlik gekwalifiseerde toetser geneem word ten einde vas te stel of die nywerheidsuitvloeisel aan Bylae A of aan enige ander standaard wat in 'n skriftelike toestemming voorgeskryf is, voldoen.

*Voorwaardes vir wegdoening van nywerheidsuitvloeisel*

**83.1** Die munisipaliteit kan in die skriftelike toestemming of te eniger tyd by wyse van skriftelike kennisgewing, iemand gelas om –

die nywerheiduitvloeisel aan sodanige voorlopige behandeling te onderwerp as wat na die menig van die munisipaliteit sal verseker dat die nywerheidsuitvloeisel aan die voorgeskrewe standaarde in Bylae A sal voldoen alvorens dit in die rioolvuilwegdoenstelsel losgelaat word;

sodanige gelykmakende tenks, kleppe, pompe, toestelle, meters en ander toerusting te installeer as wat na die mening van die munisipaliteit nodig sal wees om die tempo en tyd van die storting in die rioolvuilwegdoenstelsel te beheer in ooreenstemming met die voorwaardes wat deur die munisipaliteit voorgeskryf is;

'n perseelrioleringsinstallasie afsonderlik van die perseelriolerings-installasie vir vuilwaterafvoer en standaard huishoudelike uitvloeisel te installeer vir die wegvoer van sy of haar nywerheidsuitvloeisel na die rioolvuilwegdoenstelsel by 'n gegewe punt, en sodanige persoon verbied om sy of haar nywerheidsuitvloeisel by enige ander punt los te laat of om sy of haar vuilwaterafvoer en standaard huishoudelike uitvloeisel op enige ander wyse mee weg te doen as in 'n rioolvuilwegdoenstelsel;

aan enige pyp wat sy of haar nywerheidsuitvloeisel na enige riool toe wegvoer, 'n dienstoegangsgat of afsluitklep aan te heg, in so 'n posisie en van sodanige afmetings en materiaal as wat die munisipaliteit mag voorskryf;

al sodanige inligting te voorsien as wat die munisipaliteit benodig ten einde dit in staat te stel om die tariewe of heffings verskuldig aan die munisipaliteit te bepaal;

voldoende fasiliteite te verskaf, soos hoogtelynverklikkers of oorloopverklikkers, gereedheidsuitrusting, oorloop-vangbak of ander gepaste maniere om 'n loslating in die rioolvuilwegdoenstelsel te voorkom wat 'n oortreding ingevolge hierdie verordening tot gevolg sal hê;

toe te sien dat enige meter, meetglas of ander toestel wat ingevolge hierdie artikel geïnstalleer is, deur ŉ onafhanklike owerheid, op rekening van daardie persoon, gekalibreer word by sodanige tussenposes as wat deur die munisipaliteit vereis word en ook toe te sien dat afskrifte van die kalibrering aan die munisipaliteit voorsien word; en

toe te sien dat sy of haar nywerheidsuitvloeilsel so dikwels en op sodanige wyse as wat deur die munisipaliteit voorgeskryf mag word ontleed word, en dat die uitslae van sodanige ontledings aan die munisipaliteit voorsien word.

**83.2** Die koste van enige behandeling, aanleg, werke of ontleding wat van die persoon in subartikel (1) vereis mag word om ingevolge subartikel (1) uit te voer, op te rig of te installeer, sal deur gemelde persoon gedra word.

**83.3** Die skriftelike toestemming van die munisipaliteit moet bekom word vir enige voorgenome veranderings aan die samestelling van nywerheidsuitvloeisel wat in die rioolvuilwegdoenstelsel losgelaat word.

**83.4** Ingeval nywerheidsuitvloeisel wat nie aan die standaarde voldoen wat in Bylae A voorgeskryf is nie, of wat nie aan die skriftelike toestemming voldoen wat ten aansien van daardie proses of perseel uitgereik is nie, in ŉ rioolvuilwegdoenstelsel losgelaat word, moet die munisipalitiet of sy gevolmagtigde binne 12 uur na sodanige loslating van die voorval en die redes daarvoor in kennis gestel word.

*Terugtrekking van skriftelike toestemming vir wegdoening van nywerheidsuitvloeisel*

**84.1** Die munisipaliteit kan enige toestemming wat aan ŉ persoon vergun is om nywerheidsuitvloeisel in ŉ rioolvuilwegdoenstelsel los te laat, terugtrek, nadat skriftelike kennis van die munisipaliteit se voorneme aan die betrokke persoon gelewer is, indien daardie persoon –

versuim om toe te sien dat die nywerheidsuitvloeisel wat losgelaat is voldoen aan die nywerheidsuitvloeiselstandaarde wat in Bylae A van hierdie verordening of in die skriftelike toestemming voorgeskryf is;

versuim of weier om te voldoen aan enige skriftelike kennisgewing wat wettig ingevolge hierdie verordening op hom of haar beteken is of wat enige voorskrif van hierdie verordening oortree of enige voorwaarde wat voorgeskryf is ingevolge enige toestemming aan hom of haar vergun, oortree; of

versuim om die vasgestelde tariewe ten opsifte van enige nywerheidsuitvloeisel wat losgelaat is, te betaal.

**84.2** By die terugtrekking van enige skriftelike toestemming, kan die munisipaliteit –

bo en behalwe die stappe in hierdie verordening voorgeskryf, en by skriftelike kennisgewing, die sluiting of verseëling van die verbindingsriool van die besondere perseel aan enige riool magtig, teen sodanige heffing as wat in die munisipaliyeit of sy gevolmagtigde se tarief van heffings voorgeskryf mag wees; en

weier om enige nywerheidsuitvloeisel te aanvaar tensy voldoende stappe, tot bevrediging van die munisipaliteit, ingestel is om te verseker dat die nywerheidsuitvloeisel wat losgelaat staan te word, aan die standaarde voldoen wat deur hierdie verordening voorgeskryf is.

*Meting van hoeveelheid standaard huishoudelike uitvloeisel losgelaat*

**85.1** Die hoeveelheid standaard huishoudelike uitvloeisel wat losgelaat is sal bepaal word deur ŉ persentasie water wat deur die munisipaliteit voorsein word; met dien verstande dat waar die munisipaliteit van mening is dat sodanige persentasie ten opsigte van ŉ bepaalde perseel, met inagneming van die doeleindes waarvoor water op daardie perseel verbruik word, buitensporig is, die munisipaliteit die persentasie van toepassing op daardie perseel mag verminder na ŉ syfer wat, na eie mening en in die lig van beskikbare inligting, die verhouding tussen die hoeveelheid rioolvuil wat vanaf die perseel losgelaat is en die hoeveelheid water wat aan die perseel voorsien is, weerspieël.

**85.2** Wanneer water vanaf ŉ bron buiten of benewens die munisipaliteit se watervoorsieningstelsel aan ŉ perseel voorsien word, met insluiting van die onttrekking van water vanuit ŉ rivier of boorgat, sal die hoeveelheid standaard huishoudelike uitvloeisel ŉ persentasie wees van die totale waterverbruik op daardie perseel soos wat redelikerwys deur die munisipaliteit vasgestel kan word.

*Meting van hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel losgelaat*

**86.1** Die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat in die rioolvuilwegdoenstelsel losgelaat is, sal bepaal word deur –

waar ŉ meettoestel geïnstalleer is, deur die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel losgelaat vanaf ŉ perseel soos deur daardie meettoestel gemeet; of

tot tyd en wyl ŉ meettoestel geïnstalleer is, deur ŉ persentasie van die water wat deur die munisipaliteit aan daardie perseel voorsien is.

**86.2** Wanneer water vanaf ŉ bron buiten of benewens die munisipaliteit se watervoorsieningstelsel aan ŉ perseel voorsien word, met insluiting van die onttrekking van water vanuitŉ rivier of boorgat, sal die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel ŉ persentasie wees van die totale waterverbruik op

daardie perseel soos wat redelikerwys deur die munisipaliteit vasgestel kan word.

**86.3** Wanneer ŉ gedeelte van die water wat aan ŉ perseel voorsien word deel uitmaak van die eindproduk van enige vervaardigingsproses of deur chemiese reaksie of verdamping gedurende die vervaardigingsproses of weens enige ander oorsaak verlore gaan, kan die munisipaliteit op aansoek die vasgestelde hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel verminder.

*Vermindering van die hoeveelheid bepaal ingevolge artikels 67 tot 69*

**87.1** In ŉ geval waar die hoevelheid water waarop die persentasie bereken is, in ŉ typerk gemeet is waartydens water verspil is of lekkasies nie ontdek is nie, sal ŉ persoon geregtig wees op ŉ vermindering van die hoeveelheid ingevolge artikels 67 en 68 bepaal, indien die verbruiker tot bevrediging van die munisipaliteit aandui dat die voormelde water nie in die rioolvuilwegdoenstelsel losgelaat is nie.

**87.2** Die vermindering van die hoeveelheid sal gebaseer wees op die hoeveelheid waterverlies weens lekkasie of verspilling tydens die lekkasietyperk.

**87.3** Die lekkasietydperk sal óf die meettydperk onmiddellik voor die herstel van die lekkasie óf die meettydperk waartydens die lekkasie herstel is wees, welke een ookal die grootste vermindering tot gevolg sal hê.

**87.4** Die hoeveelheid waterverlies sal bereken word as die verbruik tydens die lekkasietydperk minus die gemiddelde verbruik, gebaseer op die voorafgaande 3 (drie) maande, vir ŉ ooreenstemmende tydperk. Waar geen geskiedkundige gegewens van waterverbruik beskikbaar is nie, sal die gemiddelde waterverbruik, na oorweging van alle tersaaklike inligting, deur die munisipaliteit vasgestel word.

**87.5** Daar sal geen vermindering in die hoeveelheid wees nie indien die waterverlies resgtreeks of onregstreeks die gevolg is van die verbruiker se versuim om aan hierdie verordening te voldoen of van die verbruiker se oortreding van hierdie verordening.

*Bou of installering van perseelrioleringsinstallasies*

**88.1** Enige geboude of geïnstalleerde perseelrioleringsinstallasie moet aan enig toepaslike standaarde ingevolge die Bouregulasies en enige standaarde deur die Wet voorgeskryf, voldoen.

**88.2** (a) Waar die perseelrioleringsinstallasie ŉ putlatrine is, moet dit van die geventileerde, verbeterde soort putlatrines of van ŉ gelykwaardige soort wees met –

(i) ŉ put met ŉ inhoudsmaat van $2m^3$;

(ii) voering soos vereis;
(iii) ŉ blad wat ontwerp is om die opgelegde las te kan dra; en
(iv) beskerming wat moet voorkom dat kinders by die put inval.

(b) Die geventileerde, verbeterde putlatrine moet aan die volgende vereistes voldoen –

(i) die put moet geventileer wees deur middel van ŉ pyp, aan die boonste punt verseël met duursame, insekbestande beskutting wat stewig in posisie geheg is;

(ii) die ventilasiepyp moet nie minder nie as 0.5m bokant die naaste dak uitsteek, moet minstens 150mm in deursnee wees en moet vertikaal sonder kromming geïnstalleer word;

(iii) die binnekant van die kloset moet egalig afgewerk wees ten einde dit in ŉ skoon en higiëniese toestand te hou. Die bowerk moet goed geventileer wees ten einde die vry vloei van lug na die binnekant van die put deur die pyp te laat ventileer;

(iv) die opening in die blad moet voldoende wees ten einde besoedeling te voorkom. Die velling moet verhewe wees sodat vloestowwe wat gebruik word om die vloeroppervlakte mee te was, nie in die put vloei nie. Dit sal van ŉ deksel voorsien word ten einde die uittog van vlieë en ander insekte wanneer die toilet nie gebruik word nie, te voorkom;

(v) die latrine moet in ŉ posisie onafhanklik van die woonstruktuur gelokaliseer wees;

(vi) die latrine moet sodanig gelokaliseer wees dat dit toegang bied aan padvoertuie met ŉ breedte van 3.0m ten einde die leegmaak van die put moontlik te maak;

(vii) in situasies waar die gevaar van besoedeling van ŉ waterdraer vanweë die deurdringbaarheid van die grond bestaan, moet die put uitgevoer word met ŉ ondeurdringbare materiaal wat duursaam is en nie onder druk sal kraak nie;

(viii) in situasies waar die grond waarin die put uitgegrawe staan te word onstabiel is, moet voldoende stutting voorsien word ten einde instorting van die grond te voorkom;

(ix) Daar moet voldoende toegang tot water wees vir die was van hande.

*Perseelriool in strate of openbare plekke*

**89.** Niemand sal vir doeleindes van die afvoer van vuilriool, vanuit watter bron ookal afkomstig, ŉ perseelriool op, in of onder ŉ straat, openbare plek of ander grond wat behoort aan of setel in of onder die beheer verkeer van die die munisipaliteit, lê of bou nie, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat die munisipaliteit mag voorskryf.

*Bouwerk deur munisipaliteit*

**90.** Die munisipaliteit mag met die eienaar van enige perseel ooreenkom dat enige rioleringswerk wat sodanige eienaar verlang, of ingevolge hierdie verordening of die Bouregulasies verplig is om te bou, deur die munisipaliteit gebou sal word teen betaling, vooruit of op aanvraag, van alle onkoste wat met sodanige bouwerk in verband staan.

*Instandhouding van perseelrioleringsinstallasie*

**91.1** Die eienaar of okkupeerder van enige perseel moet enige perseelrioleringsinstallasie en enige rioolverbinding op sodanige perseel in stand hou.

**91.2** Enige persoon wat die munisipaliteit versoek om ŉ perseelrioleringsinstallasie skoon te maak sal aanspreeklik wees vir betaling van die voorgeskrewe tarief daarvoor.

**91.3** Op die skriftelike versoek van die eienaar of okkupeerder van ŉ perseel, kan ŉ munisipaliteit die perseelrioolinstallasie of enige gedeelte daarvan op die bepaalde perseel inspekteer en toets en die koste verbonde aan sodanige inspeksie en toetsing, soos bereken volgens die spesifieke skaal aangedui in die voorgeskrewe tarief van heffings.

*Installering van voorbehandelingsfasiliteit*

**92.** ŉ Munisipaliteit mag vereis dat enige nuwe perseel van ŉ minimum-voorafbehandelde fasiliteit voorsien word, van ŉ tipe wat deur die munisipaliteit gespesifiseer mag word, voordat daardie perseel aan enige rioolvuilwegdoenstelsel verbind word.

*Beskerming teen instroming van vloedwater*

**93.** Waar ŉ perseel geleë is in die 1 in 50 jaar-vloedvlakte, moet die boonste hoogte van die dienstoegangsgate, inspeksiekamers en rioolputte bokant die 1 in 50 jaar-vloedvlaktehoogte, behalwe in die geval van dienstoegangsgate en

inspeksiekamers waarvan die deksel op goedgekeurde wyse in posisie vasgeheg is.

*Lewer van gratis riooldiens*

**94.** Die raad kan met die jaarlikse oorweging van tariewe vir die lewer van die diens, besluit om gratis dienste soos op Nasionale vlak voorgeskryf of soos deur die raad bepaal, aan verbruikers lewer.

## *BYLAE A : GEHALTE STANDAARDE*

### *Aanvaarding van nywerheiduitvloeisel vir loslating binne die rioolvuilwegdoenstelsel*

Geen nywerheidsuitvloeisel sal aanvaar word vir loslating in die rioolvuilweg-doenstelsel nie tensy dit aan die volgende voorwaardes voldoen.

Die uitvloeisel mag geen hoër konsentrasies van stowwe as wat hieronder aangegee word, bevat nie –

Groot Werke se algemene gehaltegrense is van toepassing wanneer ŉ nywerheid se afvloeisel in ŉ opvangdam losgelaat word wat na ŉ rioolstortplek lei met ŉ inhoudsmaat wat 25 M/d oorskry. Klein Werke se gehaltegrense is van toepassing op opvangsdamme wat na rioolstortplekke lei met ŉ inhoudsmaat wat kleiner as 25 M/d is.

| | **ALGEMENE GEHALTEGRENSE** | **GROOT WERKE > 25 M/d** | **KLEIN WERKE < 25 M/d** | **EENHEDE** |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Temperatuur (C) | < 44 C | < 44 C | Grade Celcius |
| 2. | pH | 6 < pH < 10 | 6,5 < pH < 10 | pH eenhede |
| 3. | Olies, vetterighede, osokeriete van minerale oorsprong | 50 | 50 | mg/ |
| 4. | Plantolies, plantvette en plantwasse | 250 | 250 | mg/ |
| 5. | Totale suiker en stysel (as glukose) | 1 000 | 500 | mg/ |
| 6. | Sulfate in oplossing (as $SO^{=}_4$) | 250 | 250 | mg/ |
| 7. | Sulfiede, hidrosulfiede (as $S^{=}$) en polisulfiede | 1 | 1 | mg/ |
| 8. | Chloriede (as $C^{-}$) | 1 000 | 500 | mg/ |
| 9. | Fluoriede (as $F^{-}$) | 5 | 5 | mg/ |
| 10. | Fenole (as fenol) | 10 | 5 | mg/ |
| 11. | Sianiede (as $CN^{-}$) | 20 | 10 | mg/ |
| 12. | Afsakbare vaste stowwe | Hef | Hef | m/ |
| 13. | Gesuspendeerde vaste stowwe | 2 000 | 1 000 | mg/ |
| 14. | Totale opgeloste vaste stowwe | 1 000 | 500 | mg/ |
| 15. | Elektriese geleidingsvermoë | - | 400 | MS/m |
| 16. | Anioniese surfaktante | - | 500 | mg/ |
| 17. | C.O.D. | Hef | Hef | mg/ |
| Grense vir Swaar Metale | | | | |
| 18. | Koper (as Cu) | 50 | 5 | mg/ |
| 19. | Nikkel (Ni) | 50 | 5 | mg/ |
| 20. | Sink (Zn) | 50 | 5 | mg/ |
| 21. | Yster (Fe) | 50 | 5 | mg/ |
| 22. | Borium (B) | 50 | 5 | mg/ |
| 23. | Seleen (Se) | 50 | 5 | mg/ |
| 24. | Mangaan (Mn) | 50 | 5 | mg/ |
| 25. | Lood (Pb) | 20 | 5 | mg/ |
| 26. | Kadmium (Cd) | 20 | 5 | mg/ |
| 27. | Kwik (Hg) | 1 | 1 | mg/ |
| 28. | Totale Chroom (Cr) | 20 | 5 | mg/ |
| 29. | Arseen (As) | 20 | 5 | mg/ |
| 30. | Titaan (Ti) | 20 | 5 | mg/ |
| 31. | Kobalt (Co) | 20 | 5 | mg/ |
| TOTALE METALE | | 100 | 20 | mg/ |

**Spesiale beperkings**

1. Geen kalsiumkarbied, radio-aktiewe afval of isotope.
2. Geen gisstof en gisstofafvalle, melasse, uitgewoed al dan nie.
3. Geen sianiede of verwante samestelling wat in staat is om HCN gas of siaangas vry te stel nie.
4. Geen ontvettingsoplosmiddels, petroleumspiritus, vlugtig-ontvlambare oplosmiddels of enige stof wat 'n ontvlambare damp by 21ºC voortbring nie.

Raadsbesluit Datum: 12 APRIL 2023
Handtekening:
Burgermeester ………………………..

Handtekening:
Munisipale Bestuurder: ……………………..

Printed by CTP Printers Cape Town • (021) 929 6200